# *Kroonsteen*-leesreeks (KABV)

## *Die kaart van lank gelede* – Fanie Viljoen

## Boek 1 Vlak 1

### Moontlike antwoorde:
1. Alet
2. Daar is ’n donderstorm. Donker wolke, wind en blitse.
3. Sy verloor ’n jasknoop.
4. Ronel en Stefan
5. In Johannesburg
6. Nee, sy dink dit stink na vis.
7. Leerder se gemotiveerde respons

### Hoofstuk 2
1. Hulle meubels sal nie afgelaai kan word nie. Die vragmotor met die meubels het verdwaal in die storm.
2. Hulle het tasse met die nodigste goed en ook kos.
3. Sy het haar potlood gesoek en toe ’n metaalblikkie in die kaggel gekry.
4. Sy wou dit eers geheim hou.
5. Enige gepaste antwoord, byvoorbeeld: Sy wil haar fonds nog geheim hou omdat sy 'n avontuurlustige meisie is./Sy wil eers uitvind wat in die blikkie is.

### Hoofstuk 3
1. ’n Groot wit laken
2. Alet-hulle hou piekniek. Die laken word ’n tent.
3. Sy vou seemeeue.
4. Snaakse stories, soos die een van die pikkewyn wat nie wil opstaan wanneer sy sussie hom wakker maak nie.
5. Leerder se eie gemotiveerde respons

### Hoofstuk 4
1. Saterdag
2. Hulle is albei onderwysers.
3. Sy kry ’n steentjie en ’n ou kaart wat wys waar ’n skat begrawe is.
4. Leerder se eie gemotiveerde respons

### Hoofstuk 5
1. Sy dink dit is ’n kaart van Kroongolf.
2. Die polisiestasie, ’n supermark, ’n bloemiste, ’n geskenkwinkel, die stadsaal, ’n tuisnywerheid, ’n slaghuis, strandwinkels en die see.
3. Sy verloor die steentjie. Dit beland amper in ’n afvoerpyp.
4. ’n Hulpvaardige persoon - hy of sy help keer dat die steentjie nie in die afvoerpyp beland nie.

### Hoofstuk 6
1. Vernon
2. Nee, hy sê sy jok.
3. Hy het die vreemde tekens wat op die steentjie is al iewers gesien.
4. Ja, hy is vriendelik teenoor haar wanneer hy sien dat haar oë opwel met trane.

### Hoofstuk 7
1. Dis oorgroei met plante. Die grond is klam. Hier en daar dryf miswolkies.
2. ’n Laksman, ’n duiker en ’n blouapie

3. Haar nekhare staan regop. Sy voel ongemaklik.
4. Sy sê as Vernon haar help om die skat te kry, kan hulle dit deel.
5. Die steentjie in haar hand begin vanself beweeg.
6. Leerder se eie gemotiveerde respons

**Hoofstuk 8**

1. Hy sê dit is 'n kompas.
2. Die skelet-standbeeld van 'n dinosourus
3. Nie iets weet nie.
4. Die dinosourus-beeld se stert beweeg.
5. Die dinosourus het begin beweeg. Hy kom nader aan hulle.
6. Hy wil teen die dinosourus baklei.
7. Sy hardloop weg vir hom. Hy hardloop in 'n boom vas en breek in stukke.
8. Leerder se eie gemotiveerde respons

**Hoofstuk 9**

1. Sy roep na hom en vra of hy oukei is.
2. Daar is 'n skatkis.
3. Hulle is vreeslik bly.
4. Sy dink sy sal tog lekker bly in Kroongolf.
5. Leerder se eie gemotiveerde respons

## *Die geheim van die kroonsteen* – Fanie Viljoen

## Boek 1 Vlak 2

**Moontlike antwoorde:**

**Hoofstuk 1**

1. 'n Supervinnige resieskar
2. Poppe
3. Vernon
4. Daar is 'n groot ontploffing.
5. Leerder se eie gemotiveerde respons

**Hoofstuk 2**

1. Hy druk haar hand en sê alles sal oukei wees.
2. Vier
3. Hy dink dit was vuurwerke.
4. Sy dink dit was soos sterre wat verskiet het.
5. 'n Helderwit ligskyf
6. Vernon is dapper, hy loer in die skatkis en lag lekker na hy weer Alet met 'n harde geluid bangmaak.

**Hoofstuk 3**

1. Daar is nie geld in die skatkis nie.
2. Sy is bang die ligskyf brand hom.
3. Dit lyk soos x-strale.
4. Sy wil dit weer begrawe.
5. Hy gaan kyk waar die klapgeluid (van 'n tak) vandaan kom en of iemand hulle dalk bekruip.
6. Daar was iemand wat hulle dopgehou het.

**Hoofstuk 4**

1. In die biblioteek
2. Vernon het dit onder sy hemp gebêre.
3. Hy het iemand met groot oë in die skadu's gesien. Die persoon het hulle dopgehou en vir Vernon met 'n krakerige stem gevra wat hulle gedoen het.

4. Nathi, ’n seun wat saam met Vernon op skool is.
5. Hy gaan dit veilig wegsteek.
6. Nee, Ronel dink dit is alles net Alet se verbeelding.
7. Nee, dit klink te vergesog. (Enige gemotiveerde antwoord)

**Hoofstuk 5**

1. Daar is klere in die kaste en skoene in rye op die kasvloer. Haar storieboeke is uitgestal op ’n rakkie. ’n Pop sit regop op haar bed. Daar is ’n CD-speler met al haar gunsteling CD’s. Groen gordyne hang voor die vensters en bo teen die dak hang foelie-sterretjies.
2. Toebroodjies wat haar ma gemaak het.
3. Die maan, ’n boomtak en ’n skielike beweging van iets of iemand.
4. Sy is bang.
5. Sy het ’n kop gesien en toe sy haar oë toe maak, was die persoon nie meer daar nie. Leerder moet antwoord motiveer.

**Hoofstuk 6**

1. Sy dink dit het dalk iets te doen met wat sy die vorige aand gesien het.
2. Daar was iemand geheimsinnig by al drie se kamervensters.
3. Op ’n webblad oor volksvertellinge op die internet.
4. Walg
5. Die Dapper Drie
6. Anila Khan
7. Nee, dit kan gevaarlik wees.
   Ja, dit sal die drie kinders help om perspektief oor die kroonsteen te kry. (Leerderrespons)

**Hoofstuk 7**

1. Dit voel vir haar of iemand haar dophou.
2. Hulle ry na Anila se huis toe.
3. Niemand maak die deur oop toe Nathi klop nie./’n Kat spring skreeuend by die stoepvenster uit.
4. Vernon. Leerder se respons.
5. Hy klim deur die oop stoepvenster.
6. Nee, hy kan nie op sy eie in iemand anders se huis ingaan nie en hy weet ook nie wat vir hom voorlê nie.
   Ja, hy moet gaan kyk of als met Anila pluis is. Leerder se gemotiveerde antwoord.

**Hoofstuk 8**

1. Fotoraampies, boeke, ’n klavier, skilderye
2. Ingelegde groente, vrugte en vis. Skerp messe op die tafel.
3. Dit laat haar dink aan ’n slang: lank en donker en gevaarlik.
4. Bang
5. ’n Skadufiguur kom by die trappe opgeloop.
6. Dit kan dalk Anila wees omdat dit haar huis is.

**Hoofstuk 9**

1. Sy wil weet wat maak hulle in haar huis.
2. Dit maak haar bang.
3. Sy is ’n Indiërvrou met grys hare en sy dra ’n groot bril. Daar is ’n rooi kolletjie op haar voorkop. Sy dra ’n sari.
4. Sy sê sy het hulle gister in die park gesien.
5. Die kroonsteen bevat ’n geheim wat Kroongolf kan vernietig.
6. Ja. Die kroonsteen is gevaarlik; slegte herinneringe keer terug na Anila.

**Hoofstuk 10**

1. Basiel-ystee en karanji-tertjies
2. Tussen reg en verkeerd. Die leerder moet sy/haar antwoord motiveer volgens die teks.
3. ’n Ronde steen wat bestaan uit vier kleiner stene. Hulle pas soos ’n legkaart inmekaar. Die ligskyf hou hulle aanmekaar soos gom.

4. Hulle het die kroonstene laat verskiet en moet daarom die vier kroonstene gaan soek. Dit sal keer dat Kroongolf vernietig word.
5. Sy is nie seker of dit gevaarlik of dalk hope pret gaan wees nie.
6. Ja, Alet het hulle oortuig om saam te gaan soek vir die ander vier kroonstene en hulle het nie gehuiwer om in te stem nie. Hulle het ook nie nee gesê vir die avontuur nie.

## *Die kroon van die aarde* – Fanie Viljoen

## Boek 1 Vlak 3

**Moontlike antwoorde:**

**Hoofstuk 1**
1. Laerskool Laagwater
2. Sy hou nie daarvan nie.
3. 'n Renoster en 'n luiperd
4. Nathi is die ou met die bal. Hy moet net hardloop om 'n drie te druk. Die ander ouens moet hom probeer duik.
5. Hulle roep sy naam en raak rasend. Vlae waai. Rasieleiers dans en sing. Kroongolf se seekat-gelukbringer knoop homself in sy agt pote vas van opgewondenheid.
6. Leerder se gemotiveerde respons

**Hoofstuk 2**
1. Hy hou niks daarvan nie.
2. Walg, die man teen wie Anila en haar maats ook destyds baklei het.
3. Daar is 'n dreuning wat deur die aarde kom.
4. Vier
5. Hulle hoor dat Walg die Aardkroon opgespoor het.
6. Leerder moet sy/haar antwoord motiveer met feite uit die teks.

**Hoofstuk 3**
1. Hy wil hulle vang, vasbind met toue en hulle tone kielie totdat hulle met die hele storie uitkom.
2. Hy sê een van hulle moet Gideon-hulle se vriendekring onder 'n dekmantel binnedring.
3. Vernon-hulle besluit sy moet Gideon-hulle se vriendekring binnedring.

**Hoofstuk 4**
1. Na haar ma. Sy het ook so 'n groot verbeelding.
2. Sy vra hulle handtekeninge.
3. Hulle vra haar om saam met hulle roomys te gaan eet. Hulle wil haar ook gaan wys waarmee hulle besig is.
4. Hulle kruip heeltyd weg, maar luister die gesprek af. Hulle is gereed om Alet te help wanneer daar moeilikheid is.
5. Nee, hulle is egosentries en spog slegs met al hulle prestasies.
   Ja, hulle is vriendelik teenoor Alet en nooi haar saam met hulle om roomys te gaan eet.
   (Vraag is oop vir interpretasie.)

**Hoofstuk 5**
1. Hulle neem haar na die Kroongolf wildreservaat.
2. Dit is 'n wildreservaat, maar sy sien nie diere nie.
3. Hulle werk vir Walg.
4. Walg het dalk die diere gevang omdat hy die wildreservaat gaan platvee met 'n stootskraper en die diere nie wou kwaad aandoen nie./Walg wil die diere dalk gebruik vir 'n slinkse plan wat hy in die mou voer.
5. Alet moet Walg konfronteer en vra wat sy plan met die diere en stootskrapers is.

**Hoofstuk 6**
1. Blouapies, muishonde, kolhase, ystervarke
2. Hy wil hulle doodmaak.

3. Gevaar! Bly buite!
4. Hy wil Kroongolf vernietig.
5. Soos 'n monster
6. Ja, Walg wil Kroongolf vernietig en die inwoners se lewens in gevaar stel.

**Hoofstuk 7**
1. Nee. Dis was vir haar aaklig om die diere in die hokke te sien.
2. Gideon en Mandla sal nie nog iemand in hulle binnekring vertrou nie.
3. Omdat Gideon en Mandla agterdog sal koester.
4. Sy is bang omdat daar iets met haar kan gebeur en niemand sal weet waar sy is nie.

**Hoofstuk 8**
1. So groot soos 'n halwe rugbyveld.
2. Dit is iets wat plaasvind wanneer die plante nie meer die grond kan vashou nie. Die grond spoel weg en los slote. Die kosbare bogrond gaan ook verlore en nuwe plante wil dan nie groei nie.
3. Hulle gaan na Walg soek.
4. Sy wil die Aardkroon kry.
5. Ja, Nathi motiveer haar om die opdrag uit te voer om die dorp sodoende te red uit Walg se kloue.

**Hoofstuk 9**
1. 'n Lang, koue gang.
2. Nathi se stem wat sê: "Jy is my held!"
3. Sy sien stootskrapers.
4. Die glimmende Aardkroon
5. Walg

**Hoofstuk 10**
1. Sy kruip onder 'n stootskraper in.
2. Gideon en Mandla
3. Hulle het Alet alleen gelos en sy het weggeraak.
4. Al die ligte gaan af.
5. Vernon en Nathi kon die ligte afgeskakel het omdat hulle vermoed het dat Alet in gevaar is.

**Hoofstuk 11**
1. Sy lei dit af aan die geluide.
2. Sy sal nou makliker kan wegkom in die donker.
3. Sy is verlig omdat sy kon wegkom.
4. Een van die stootskrapers word aangeskakel.
5. Hulle sit in die stootskraper wat aangeskakel is - dit staan reg langs die poel lawa. Sy is bang daar gebeur iets met hulle.

**Hoofstuk 12**
1. Nee, maar hy het dit darem aangeskakel gekry.
2. Hulle wou die stootskraper gebruik om die Aardkroon te bereik.
3. Hy klouter oor die stootskraper na die metaalbak aan die voorkant en gryp na vashouplek sodat hy nie in die lawa beland nie.
4. Hy gaan Alet gebruik as aas om die Aardkroon terug te kry.
5. Sy gaan probeer weghardloop.

**Hoofstuk 13**
1. In die park; daar is 'n standbeeld van hom.
2. Hulle het gedink Alet is hulle maat.
3. Hy voel dit nie want hy is sterk en soos 'n rugbyspeler gebou.
4. Hy vang die Aardkroon soos 'n rugbyspeler toe Alet dit na hom toe gooi.
5. Nathi is vinniger en sterker as Alet; daarom kan hy die Aardkroon beter beskerm.

**Hoofstuk 14**
1. Walg het 'n stootskraper aangeskakel en stoot sy pad oop deur die stootskrapers. Hy wil die Aardkroon terugkry.
2. Hy is moeg.
3. 'n Ontploffing ruk aan die gebou; daarom verloor Alet-hulle amper hul balans.
4. Die stootskrapers se brandstof kom in kontak met die lawa.
5. Alet, Nathi en Vernon
6. Leerder se gemotiveerde respons

**Hoofstuk 15**
1. Daar was 'n gat in die heining. Die stootskraper wat buite gewerk het, het dit dalk gemaak.
2. Sy gaan dit iewers veilig bêre totdat hulle die ander kroonstene ook gekry het.
3. Die veearts vir wie Nathi gebel het.
4. Elke boom en plant wat mens uitkap, vernietig die natuurskoon en die aarde.
5. Drie
6. Nee, dit klink vergesog en asof dit slegs in 'n fliek sou kon gebeur. (Enige gemotiveerde antwoord)

## *Die kroon van die hemel* – Fanie Viljoen

## Boek 1 Vlak 4

**Moontlike antwoorde:**

**Hoofstuk 1**
1. 'n Papiervliegtuigie tref haar teen die lip.
2. 'n Advertensie vir 'n papiervliegtuigie-kompetisie.
3. Dit is vakansie.
4. Hulle wil hê sy moet saam met hulle na die kompetisie gaan.
5. Ja, meisies kan alles doen wat seuns kan doen.
   Nee, meisies kan net meisie-goed doen soos popspeel en met grimering speel.
   (Kyk na die leerder se respons.)

**Hoofstuk 2**
1. Daar is baie mense, of baie bedrywigheid op die strand.
2. Nee. Sy sê sy kan nie eens 'n servet vou nie.
3. Anila se sy het 'n plan wat die seuns op hul neuse gaan laat kyk.
4. Sy sien Walg se twee handlangers, Gideon en Mandla.
5. Ja, Alet sien dat Gideon en Mandla nog lewe; dus kan Walg ook nog leef.

**Hoofstuk 3**
1. Hy dink daar was 'n geheime tonnel waardeur hulle ontsnap het.
2. Sy is bang vir die plan wat Walg in die mou voer.
3. Ja, hulle sien dat Gideon en Mandla nog leef na die ontploffing en besef dat dit moontlik is dat Walg nog leef.
4. Die Suikerbekkie
5. Mandla
6. Alet
7. Anila het die papiervliegtuigie gevou.

**Hoofstuk 4**
1. Sy lag breed.
2. Gideon en Mandla frommel hulle vliegtuigies op en smyt dit op die strand neer.
3. Sy kan twee mense saam met haar neem op die vlug.
4. Rooi-en-geel lugskepe.

5. Daar is ’n storm op pad.
6. Iets gevaarliks/onheilspellend gaan gebeur. Walg is besig om iets slinks op die heuwel te doen – die dorp kan in gevaar wees as die Dapper Drie nie die ander kroonstene vroegtydig opspoor om Walg te stop nie.

**Hoofstuk 5**
1. Alet se ouers, Ronel en Stefan
2. Aan die eerste dag toe hulle op Kroongolf aangekom het. Daar was toe ook ‘n storm.
3. Sy sien een van die lugskepe wat hulle op die heuwel ook gesien het.

**Hoofstuk 6**
1. Vernon wil na die lugskepe gaan kyk.
2. Dit het klam geword van die tamatie, en toe papgedruk.
3. Ja, ’n mens se intuïsie beskerm ’n mens teen toekomstige gebeure wat ’n positiewe of negatiewe effek kan hê.

**Hoofstuk 7**
1. Hy sê dit is asemrowend.
2. Sy wil Vernon en Nathi daar gaan uithaal.
3. Vernon het ’n verkeerde knoppie gedruk.
4. Hulle vlieg reg deur ’n donderstorm.
5. Hulle moet die regte kontrole kry om die lugskip te land en uit te klim.
6. Na Kroonheuwel, op pad na Walg toe.

**Hoofstuk 8**
1. Hulle is almal bang.
2. ’n Gebou
3. Hulle weet hulle gaan hul binne oomblikke te pletter vlieg teen die gebou.
4. Die lugskip het ’n bevel ontvang en weet self waarheen hy op pad is.
5. Ja, hulle weet nie watter gevaar vir hulle kan voorlê nie.

**Hoofstuk 9**
1. Die Hemeltoring
2. Hy sê hulle moet vertel wat gebeur het en om verskoning vra.
3. Vernon se tekkie piep op die vloer.
4. Nathi, hy moet die lugskip herprogrammeer om terug te keer na Kroongolf toe.
5. Leerder se gemotiveerde respons

**Hoofstuk 10**
1. Hy dink Walg het hom gevang.
2. Sy en Nathi het nie Vernon gered toe die lugskip opgestyg het nie.
3. Die lugskip gaan nie Kroongolf toe nie, maar terug na die toring toe.
4. Na Vernon
5. Walg vind altyd die waarheid uit.
6. Ja, “Walg”beteken dat ’n persoon ’n geweldige afkeer teenoor iets of iemand het. Die naam, Walg, pas hom omdat Alet-hulle nie sy plan goedkeur nie.

**Hoofstuk 11**
1. Sy voel bang en alleen. Sy wonder of sy weer haar ouers sal sien.
2. Walg
3. Sy skryf vir hom briefies en gooi dit na hom toe met papiervliegtuigies.
4. Walg of sy twee trawante; moontlik wil hy hulle uit die weg ruim/iets aan hulle doen.

**Hoofstuk 12**
1. Sy het die heeltyd vir Walg die briefies geskryf.
2. Rekenaars, mediese toerusting en ’n stoel wat lyk soos ’n tandarts s’n.
3. Hy wil haar geheue uitwis.

4. Hy gaan self die storm maak met die hulp van die Hemelkroon.
5. ’n Alarm gaan skielik in die gebou af.
6. Hy gaan ’n orkaan maak en die dorp vernietig.

**Hoofstuk 13**

1. Die dreun van sy masjiene, die donderweer buite, en uiteindelik die piep van Vernon se tekkie.
2. Vernon
3. Sy sê sy knoppiedrukkery (in die lugskip) het hulle vandag al in genoeg moeilikheid laat beland.
4. Hy het weggekruip en later het hy besluit om hulp te gaan soek, maar Gideon en Mandla het op hom afgekom.
5. Sy het hulle nog nie gesien nie; dalk het Walg hulle geheue ook uitgewis.

**Hoofstuk 14**

1. Die Hemelkroon dryf in ’n glaskas.
2. Hy gaan die Hemelkroon en die masjiene gebruik wat aan die glaskas met pype en drade gekoppel is.
3. Nee, hy herken nog vir Alet-hulle.
4. Hy sal nie verloor teen Walg nie. Hy sal nie aan Walg onderdanig wees nie.
5. Nathi, hy wil nie toelaat dat Walg Kroongolf uitwis nie.
6. Alet

**Hoofstuk 15**

1. Sy slinger ’n stoel twee keer teen die glaskas vas.
2. Die Hemelkroon
3. Walg
4. Die lugskip is nie meer daar nie.
5. Sy kan weghardloop.

**Hoofstuk 16**

1. Hy tel haar op en gooi haar oor die reling van die platform.
2. Sy beland midde-in ’n orkaan.
3. Die Hemelkroon help haar omdat dit nie meer by Walg is nie. Die storm word kalmer en sy beland in die see.

**Hoofstuk 17**

1. Hy het gedink sy sou dood wees.
2. Dis ’n manier om hulle geluk te wens.
3. Die Waterkroon en die Mensekroon
4. Papiervliegtuigies vou
5. Alet, sy het die Hemelkroon gekry, teen Walg baklei en die dorp teen algehele verwoesting gered.
6. Ja, die mensdom se moderne leefstyl vernietig die aarde se osoonlaag.

## *Die kroon van die water* – Fanie Viljoen

## Boek 1 Vlak 5

**Moontlike antwoorde:**

**Hoofstuk 1**

1. In haar kamer
2. Sy trek die deur vinnig agter haar toe en staan dan met haar rug teen hom.
3. Nee, sy dink dit is ’n verbeeldingsvlug.
4. Met ’n duiker
5. Hy wil met skubaduiklesse begin.

6. Borrelsiekte kom voor wanneer ’n mens terugswem na die oppervlakte vanuit die see en groot hoeveelhede stikstof borrels dan in ’n mens se bloedstroom vorm. Een groot stikstof borrel kan in die brein of in die hart beland wat tot ’n beroerte of hartaanval kan lei. Duik is dus hoogs gevaarlik.

### Hoofstuk 2

1. Bert
2. Vyf swembadlesse en vier seelesse
3. Tot ’n diepte van 12 meter
4. Sy waarsku hulle dat Walg die Water- of Mensekroon enige dag kan gebruik.
5. Die Waterkroon. Anila beveel aan dat die Dapper Drie swemlesse neem, wat beteken Anila het dalk ’n voorgevoel vir wat volgende gaan gebeur.

### Hoofstuk 3

1. Sy wil nie water sluk as sy moet suurstof inasem nie.
2. Om bang te wees. Of nie meer kans sien vir iets nie.
3. Hulle gaan eet roomys by Raki se roomyswinkel.
4. Iets groot, wit (wat soos ’n spook lyk) en halfrond met skerp goed.
5. Hulle dink dit is ’n spook.

### Hoofstuk 4

1. Sy sê dit was dalk ’n bol seeskuim wat in die lug opgewaai het.
2. Hy sê hulle moet gaan draf om fiks te word vir die skubaduik.
3. Vreemde, diep gate – hulle weet nie of dit voetspore is nie.
4. Alet
5. Gideon en Mandla
6. Nee, hulle werk vir Walg en Walg het altyd ’n slinkse plan wat hy wil uitvoer.

### Hoofstuk 5

1. Duikbrille, suurstoftenks, paddavoete, lugpype, gewigte, duikpakke
2. Al die mense is huis toe. Dit is donker met net die spreiligte wat aan is. Die water klots teen die kante van die swembad.
3. Die swembad se water skommel woes. Dit kloof oop en uiteindelik is daar ’n vierkantige, oop blok reg binne-in die swembad met die water soos deurskynende mure weerskante.
4. Hy wil die Waterkroon gebruik om weereens Kroongolf te vernietig.

### Hoofstuk 6

1. Hy sê die Dapper Drie moet gaan kyk wat onder die swembad aangaan.
2. Klein vissies, ’n haai, see-anemone, ’n seekat
3. ’n Glasmuur
4. ’n Haai beskerm die glasmuur wat beteken dat Walg iets waardevol beskerm.
5. Leerder se eie interpretasie.

### Hoofstuk 7

1. Dit is halfdonker. Daar is buise met seewier en visse. Die pilare is gevorm soos haaie met wrede tande. Die vloer is van seesand.
2. Twee skadu’s kom nader – Gideon-hulle.
3. Agter ’n rotsbank
4. Alet se kaalvoetspore

### Hoofstuk 8

1. Walg kom roep vir Gideon-hulle.
2. Hulle is verlig dat Walg hulle nie gevang het nie.
3. ’n Mens duik deur hom soos jy in ’n swembad sou duik.
4. Die ingang in die swembad is toegemaak.
5. Moenie kop verloor nie. Bly kalm en dink.
6. Haar suurstof is op. Sy moet terugkeer na die oppervlakte toe vir suurstof.

**Hoofstuk 9**
1. Sy en Nathi maak beurte met sy suurstof.
2. Hulle steek hul duiktoerusting weg en vee hul spore dood.
3. “Alet klou aan Vernon se arm vas”
4. Vernon en Nathi sê hulle het nie aan haar kop gevat nie, dus moet die iemand anders gewees het wat hulle nie kan sien nie.
5. Leerderrespons soos: Jy skree of vries.

**Hoofstuk 10**
1. ’n Reusekreef
2. Iemand het kos in die tenk laat val. Die kreef probeer dit in die hande kry.
3. Sy dink hy gaan Kroongolf daarmee aanval.
4. Hy kan ’n mens doodmaak met sy skerp knypers.

**Hoofstuk 11**
1. Parfuum
2. Dit het nie gebeur nie.
3. ’n Reuse-seekat en paling
4. Die witdoodshaai beskerm die Waterkroon en Alet beland in die haaitenk saam met die dodelike dier.

**Hoofstuk 12**
1. Die haai s’n
2. Skerp soos lemmetjies
3. Sy beland in ’n tonnel van borrels.
4. Sy gaan verdrink in die tonnel van borrels.

**Hoofstuk 13**
1. Op ’n kunsmatige strand.
2. Nee
3. Die plante beweeg. Sy sien ook iets groot en wit wat haar herinner aan die spook wat sy op Kroongolf se strand gesien het. Sy hoor wind en ’n sagte plofgeluid.

**Hoofstuk 14**
1. Vernon en Nathi
2. Nee, die water was te diep en die haai het Vernon amper in die hande gekry.
3. ’n Reuse-knyper
4. In ’n ander dimensie, op ’n ander strand in ’n ander land of op ’n strand wat Walg gemaak het.

**Hoofstuk 15**
1. Hy is vaalwit. Sy groot lyf is oortrek met ’n doringagtige dop. Hy het agt pote, twee klappende knypers en swart oë.
2. Walg s’n
3. Hy gaan hulle in meganiese monsters omskep en op die mense van Kroongolf loslaat.
4. Nog ’n groot krap
5. Leerder se gemotiveerde respons: Hulle gaan die inwoners van Kroongolf doodmaak as Alet-hulle nie Walg keer nie.

**Hoofstuk 16**
1. Vernon
2. Daar is slymerige drelle wat uit die dak hang. Daar is ook ’n beheerkamer met hefbome en pedale waarmee die krap beheer kan word.
3. Dit skiet by die wit krap se bene uit.
4. Nee, hy wil teen die rooi krap veg.
5. Vernon. Walg se krap loop oor die krap wat Vernon kontrolleer het.

**Hoofstuk 17**
1. Nathi
2. In ’n borreltonnel wat hulle terugvat na die haaitenk.
3. Vernon
4. Hy gebruik die krapknyper.
5. Die haai

**Hoofstuk 18**
1. Die afgeskeurde krapknyper skiet ’n vonk.
2. Hy maak hulle self groter – hy hardloop sommer gate deur die mure.
3. Gideon en Mandla
4. Met ’n rekenaarspeletjie
5. Nathi vra ’n humoristiese retoriese vraag ("Ek het nogal, het ek nie?") en lag daarna.

**Hoofstuk 19**
1. “Die reuse krap knip uit die branders”
2. Hulle gaan vir Bert om verskoning vra omdat hulle alleen gaan duik het.
3. Hulle gaan help om die olie van die strand af te kry.
4. Sy was besig om aan ’n kunsuitstalling te werk.
5. Ja. Alet se ma sê: “Ek het so groot geskrik”
6. Sy sien vir Walg.

## *Die kroon van die mense* – Fanie Viljoen

## Boek 1 Vlak 6

**Moontlike antwoorde:**

**Hoofstuk 1**
1. Sy moet nie dink sy kan doen wat sy wil nie.
2. ’n Boekrak val skielik af in die klas. Dit lei juffrou Floors se aandag af.
3. Sy het haar SW-boek daar vergeet.
4. Juffrou Floors se vinger buig om en ’n boor kom uit. Sy boor ’n gat in die muur. Later skroef sy die rak vas met ’n skroewedraaier wat ook uit haar vinger kom.

**Hoofstuk 2**
1. Hy was ’n argeoloog.
2. Hy het siek geword en gesterf.
3. Hy wou dit vernietig omdat hy gedink het dit het sy pa doodgemaak.
4. Hulle het elkeen spesiale magte wat die besitter daarvan sal help om onderskeidelik die aarde, hemel, water en die mense te beheer - vir goed of kwaad.
5. In ’n ou kas in haar huis se kelder
6. Simbiose
7. Nee, dit is nie nodig om Kroongolf te vernietig omdat hy kwaad vir die kroonstene is nie. Hy kon sy Pa se dood positief verwerk het en nie die blaam vir die kroonstene gegee het nie.

**Hoofstuk 3**
1. Super-Stefan
2. Na ’n skoolkonferensie
3. Hulle het spesiale magte wat robotagtig is.
4. Hy vra of sy die ligskyf sal hou. Hy dink nie dit is meer veilig by hom nie omdat hy hul buurman iets vreemd sien doen het.

**Hoofstuk 4**
1. Hy het ’n vreemde glimlag en haar ma se oë het ’n glaserige uitdrukking.

2. Hy wil nie meer Super-Stefan wees nie. Hy sê die Dapper Drie kan maar voortgaan om na die laaste kroonsteen te soek.
3. Onder haar bed

**Hoofstuk 5**

1. Na Anila se huis. Sy is bang dit is nie veilig by haar nie.
2. Anila maak nie oop toe sy klop nie. Daar is ook 'n harde slag in die huis.
3. Gideon en Mandla
4. Na die kroonstene en die ligskyf; nee.

**Hoofstuk 6**

1. Dit lyk perfek, terwyl haar ander koeke altyd skeef is, met helderkleurige versiering.
2. Ronel sê hulle moet vir haar 'n selfoon kry. Alet se ouers wou tot onlangs toe nie vir haar 'n selfoon kry nie.
3. Sy het gaan stap en melkskommel gaan drink.
4. Sy moet dink waar sy die oggend was. Sy weet nie waar sy die kroonstene wegsteek of waar sy die sleutel bêre nie.

**Hoofstuk 7**

1. Terwyl hulle terugry huis toe.
2. Anila gee vir die kinders koffie en wou vir hulle beskuit gee, maar dit is op. Anila gee altyd vir hulle ystee en karanji-tertjies. Anila weet nie dat die kas gesluit is nie, en sy weet ook nie waar die sleutel gebêre is nie.
3. Die kasdeur is met 'n byl oopgekap. Die kroonstene is weg. Anila se bril lê op een van die rakke.
4. Eie respons. Laat dit aan die leerder se verbeelding oor.

**Hoofstuk 8**

1. Sy is hartseer.
2. Hulle huil nooit nie. Hulle weet altyd wat om te doen en kry dit reg ook.
3. Hy het nie die ligskyf gehad wat hulle aanmekaar hou nie.
4. Hy sê hulle moet die saak nou aan die polisie oorlaat. Die Dapper Drie was net 'n droom wat Anila vir hulle gehad het.
5. Daar skyn 'n blou lig (wat lyk soos lasers) uit Stefan se oë.
6. Paragraaf 5 (die laaste paragraaf)

**Hoofstuk 9**

1. Walg verander die mense in robotte.
2. Walg se e-pos waarsku dat sy niemand moet vertrou nie, want dit kan dalk hy wees.
3. Nathi het vroeër presies dieselfde woorde gesê.
4. Stefan
5. Leerder se gemotiveerde antwoord

**Hoofstuk 10**

1. Hulle is perfek rond. Hulle proe ook baie beter.
2. Sy hoef nie meer te gaan nie; sy is glo nou slim genoeg. Stefan en Ronel gaan ook nie meer nie, want dit is blykbaar te harde werk.
3. Daar skiet 'n blou ligstraal uit Stefan se oog uit.
4. Stefan is 'n robot.
5. Haar regte ouers is weg.
6. Hier is nie 'n standaard antwoord nie. Laat dit aan die leerder se verbeelding oor.

**Hoofstuk 11**

1. Hy is die eerste vriend wat sy destyds gemaak het. Sy weet sy kan hom vertrou.
2. Hy is by die skool.
3. Aan die tyd toe alles nog goed gegaan het met haar.
4. Mandla is weg. Haar pa het hom die vorige aand huis toe gevat.

5. Hulle het gedink die mense skeer gek.

### Hoofstuk 12

1. Die skool het afgekondig dat hulle kan huis toe gaan.
2. Want hy is ook ’n kind, daarom hoort hy by die skool.
3. Sy optrede is vreemd en afsydig. Hy het Alet probeer oorreed om af te sien van die plan om die kroonsteen te soek. Hy wil ook nie saam met hulle gaan nie.
4. Robotte is elektroniese toerusting. Hulle kan niks doen as hulle nie geprogrammeer is om dit te doen nie.
5. Tydens die bederfoggend wat juffrou Floors vir die onderwysers gereël het. Stefan-hulle het van toe af vreemd begin optree.

### Hoofstuk 13

1. ’n Renoster gekruis met ’n slang. ’n Krokodil met twee koppe.
2. Bo-op geboue en binne-in bome
3. Stormwind, donderweer, reuse golwe
4. Vlieënde pierings

### Hoofstuk 14

1. Anila s’n
2. Die mure krummel en vou inmekaar soos ’n sandkasteel. Die dak kraak, breek in stukke. Iets is besig om die huis van binne af op te breek soos ’n reuse vuis wat van onder af sy pad deur die huis beur.
3. Die sterk wind
4. Hy gaan hulle programmeer om uit te vind waar die kroonstene weggesteek is en die kroonstene gaan haal.
5. Walg het hulle.

### Hoofstuk 15

1. Hulle dryf in ’n glastenk teen die muur. Slymerige drade koek om hul lywe. Dit lyk of hulle in ’n beswyming is. Af en toe ruk een se hand of voet, maar dan blits ’n blou vonk deur die slymdrade en hang hulle weer doodstil.
2. Ronel het vertel toe die onderwysers van die hoërskool massering gekry het, het daar vioolmusiek gespeel. Hulle is toe deur Walg se robotte gekloon.
3. Walg s’n
4. Sy en Vernon is dalk volgende om gekloon te word.

### Hoofstuk 16

1. Hy wil hulle ook in robotte verander sodat hulle vir hom kan werk.
2. Nathi, Ronel, Stefan en Anila.
3. As Walg hulle doodmaak, kan die robotklone van hulle nie werk nie.
4. Op groot TV-skerms wat uit die dak sak.
5. Walg druk ’n koppie op die vioolspeler. Sy verander in ’n metaalkubus. Die kroonstene verskyn een-een in die lig wat uit die kubus se bokant straal.
6. Leerder se eie respons.

### Hoofstuk 17

1. Hulle kap hul bome af, vernietig die osoonlaag, pomp fabrieke se gemors in die riviere en die see. Hulle strooi rommel oral waar hulle gaan. Hulle mors olie in die see en op die strande, en hulle maak diere dood.
2. Die mense wat dit begin het.
3. Elke mens kan net sy deel doen; dit sal genoeg wees.
4. Sy wil die Mensekroon uit Walg se hand uit vat.

### Hoofstuk 18

1. Die slym wat oor die vloer spat, laat hom steier. Vernon duik sy bene onder hom uit.
2. Vernon
3. ’n Menslike gees van samehorigheid
4. Mense-, Water-, Hemel- en toe die Aardkroon.

5. Die proses het reeds begin en hy kan dit nie keer nie.

**Hoofstuk 19**

1. Walg ruk haar van die kubus af.
2. Dit verander in krone van lig waarin beelde van die aarde, hemel, water en mense weerkaats.
3. Hy verander in 'n metaalstandbeeld.
4. Hulle het dit terug in die kis gesit in die park waar hulle dit ontdek het.
5. Die nuwe standbeeld is gevorm soos Walg om Kroongolf te herinner aan wat gebeur het.

**Hoofstuk 20**

1. Vernon
2. Alet sê daar is nog te veel rommel in.
3. Walg se vragmotors en vlieënde pierings.
4. Die plaatkoekies is skeef en het verskillende kleure.
5. Hulle herstel die skade wat hulle help aanrig het.

## ***Stories vir lekker lees* – saamgestel deur Fanie Viljoen**

## Boek 2 Vlak 1

**Moontlike antwoorde:**

**"Die geskenk"**

1. Jy hou baie van die persoon.
2. Pels
3. Hy werk by 'n goudmyn. Hy is deel van die myn se sekuriteitspan.
4. Welkom; in die Vrystaat
5. Dis tannie Elsie se verjaardag. Sy het die familie genooi vir ete.
6. Nee, hy is haar ouer nefie.
7. Voltooi: Julica hou nie van Renier nie omdat hy . . . (leerders se antwoorde).

**"Die storie van die merrie en haar vulletjie"**

1. Ja, Ster het in alles haar sin gekry.
2. Sy was nie vry nie, daar was allerhande gevare waaraan sy nooit gedink het nie.
3. a) Dit is van toepassing, want uiteindelik was dit die heel lekkerste by hulle oorspronklike blyplek.
   b) Dit is ook van toepassing. Die onbekende het vir Ster so aanloklik gelyk en toe is dit vol gevare.
4. Die leerder se interpretasie van die verhaal is van toepassing.

***Taalpret***

1. . . . kwaad
   . . . baie bly
2. a) 'n Hiëna tjank
   b) 'n Haan kraai
   c) 'n Duif koer/kir
   d) 'n Bees bulk
3. a) agterpootjie
   b) hoenderhaantjie
   c) krokodilletjie
   d) kampie
   e) slaapplekkie
4. a) merrie – *hings*
   b) haan – *hen*
   c) koei – *bul*
   d) ram – *ooi*
   e) wyfie – *mannetjie*
5. Kies die betekenis in kolom B van die idioom in kolom A.

As die perde horings kry - nooit nie.
Die perde die leisels gee - die perde vry laat loop.
'n Verkeerde perd opsaal - iets doen wat nie reg is nie.
Daar sal perde wees - daar sal groot moeilikheid wees.

### "Staan op!"

1. 'n Meisie-pikkewyn kom kort-kort raserig aangeloop om haar boetie, Pikkel, wakker te maak. Maar hy snork rustig voort en steur hom nie aan haar nie. Hy word nie eens wakker toe sy later vreeslik te kere gaan nie. Toe sy wegloop om hul ma te gaan roep, gly sy op die ys. Pikkel kry dan lekker omdat sy val. Sy wil hom mos pla terwyl hy slaap!
2. Nee, anders sou hy mos nie geweet het sy sussie gly op die ys nie.
3. Sy is moontlik kwaad.
4. Sy is hanerig aan die begin van die strokiesprent en kry nie haar sin nie. Sy gly op die ys en haar broer is in sy nappies.
5. Sy dra 'n strikkie in haar hare.
6. 'n Ysblokkie

### "Twee honde baklei om een been"

1. Helen – Piesang
   Fezile – Worsie
   Denise – Tinkie
2. Hy hou nie van haar nie. Sy dink te veel van haarself.
3. Pienk want hy is eintlik geel
4. Hy hou dalk nie van 'n pienk hond nie.
5. Hy los 'n vreeslike stink windjie.
6. Piesang kwetter hard en uit volle bors.
7. Sy is baie verbaas, want sy wou wen.
8. Nee, want hy sien Piesang het die kompetisie gewen as die oulikste troeteldier.

***Wat is 'n . . .***
Wit olifant: Iets wat mens nie kan gebruik nie.
Witbroodjie: Iemand se gunsteling. Bv.: Juffrou se gunstelingleerder.
Wit leuen: 'n Leuen wat jy vinnig vertel. Jy dink dit sal niemand seermaak nie.

***Dieregeluide***
bye – *zoem*
donkies – *balk*
eende – *kwaak*
honde – *blaf*
katte – *miaau*
koeie – *loei/bulk*
leeus – *brul*
olifante – *trompetter*
paddas – *kwaak*
perde – *runnik*
skape – *blêr*
slange – *sis*

***As iets baie . . .***
As iets baie regop is, is dit **kiertsregop/penregop**.
As iets baie swart is, is dit **pikswart** of **gitswart**.
As iets baie wit is, is dit **leliewit/spierwit**.
As iets baie dood is, is dit **morsdood**.
As iets baie hard is, is dit **kliphard**.
As iets baie vinnig is, is dit **blitsvinnig**.
As iets baie duur is, is dit **peperduur**.
As iets baie goedkoop is, is dit **spotgoedkoop**.
As iets baie oop is, is dit **wawyd oop**.
As iets baie toe is, is dit **pottoe** of **bottoe**.
As iets baie groen is, is dit **grasgroen**.

***Spreekwoorde (Idiomatiese uitdrukkings):***

- Twee honde baklei om een been, die derde loop (gaan) daarmee heen.

- Twee mense veg om iets, maar nie een van hulle kry dit nie. Iemand heeltemal anders kry dit.
- Ja, Fezile en Denise wil albei die prys wen. Maar Helen wen dit uiteindelik.
- Die mense in die tent voel gespanne.
- Ek wou he sy moet beter wees as die ander deelnemers.
- Hy gaan al die ander troeteldiere wen.

### "Wolf en jakkals en die bottervat"

- Leerder se gemotiveerde respons.
- Leerder se gemotiveerde respons.

### "Die seun en die kalf"

- Punt 4: Om sukses te behaal, moet ek elke dag my plig getrou doen.

## *Stories vir lekker lees* – saamgestel deur Fanie Viljoen

## Boek 2 Vlak 2

### Moontlike antwoorde:

### "Dis nou of nooit"

1. Pienk Turkish delight en pienk teddiebere
2. Ja, hy rolskaats en doen karate. Hy hou van swem en gewigte optel.
3. Hulle wil by die polisiediens aansluit. Dan sal hulle met kap- en blokbewegings die skurk grond toe bring.
4. Sy dra klere en bykomstighede van bekende handelsname: Nike, Billabong, Roxy. Sy het ook ’n iPod.
5. Sy kan niks verkeerd doen of sê nie; sy klink baie opreg; soetsappige woorde.
6. “Lucy wil slange vang” beteken sy is baie kwaad.
7. a) ’n “Chauffeur” is ’n bestuurder van ’n motor.
   b) “balaklawa”: ’n Soort mus wat oor die kop en gesig gedra word sodat mense jou nie herken nie.
8. Hulle wou Patricia ontvoer en losgeld/’n losprys vra.
9. Leerders se response, byvoorbeeld: Ja. Sy is baie eensaam./Sy het nie rêrig vriende nie./Haar ouers is altyd weg van die huis af, ensovoorts.

### "Skattejag"

1. Dillard en Thabiso
2. ’n Plaas
3. Wildeals
4. Ja. Saamgedrukte, in-pens-geweekte kos wat herkouende diere weer ophaal om fyner te kou (’n herkoutjie wat soos ’n bol gevorm is); ’n bol hare wat soms in ’n bees aangetref word (’n haarbol).
5. Jack Russell
6. ***Aanwysings***
   Volg die pyle wat wes wys.
   Soek ’n olyfboom.
   By die olyfboom is koeke (miskoeke) waar nog leidrade is.
   Soek sandsteenklippe, ’n katbos en iets wat rond is (’n bal en papier).
   Onder die ronde ding (herkoutjie) is nog ’n brief met leidrade.
   Beweeg langs die draad af tot by ’n groot miershoop waar ’n boks met twee poppe binne-in is.
   Los ’n raaisel op.
   Soek na ’n bul met ’n briefie om sy nek.
   Soek by die ribbokmis na ’n kalfie vir die volgende briefie.
   Hulle moet foefieslaaid (totdat die vuur uitgebrand het).
   Gooi die vuur dood met water; onder die waterkan is nog ’n briefie.
   Volg die voetpad na die garingboomkraal, maar moenie hardloop nie.
   By die boom met die vetste blare is die skat.
7. Twee hondjies
8. Bome: Olienhout, kiepersol, wilgerboom, olyfboom en kareebome
   Voëls: Patryse, kiewiete, vinke en tarentale

**"Heise en die Mamba-koning"**

1. Heise
2. Hy het gereeld in die veld rondgeloop.
3. Hy spog met al sy beeste.
4. Hy vra ’n paar beeste.
5. Heise moet vir hom ’n groot kraal bou vir sy beeste.
6. Nee, Heise het die Mamba-koning ’n poets gebak en die Mamba-koning het in die vuur gespring. Daarna het die beeste gevat.
7. Hy moet ’n vuur maak en by die slang gaan sit.
8. Hy sê hulle moet ’n speletjie speel waar hulle deur die vuur spring. Die Mamba-koning het dit egter nie reggekry nie. Hy het verbrand.
9. Ja, hy kry al die Mamba-koning se beeste.
10. Dit lyk soos San-tekeninge wat teen ’n klipmuur gemaak is.
11. Hier is geen korrekte antwoord nie, die leerder moet net ’n goeie motivering vir sy antwoord kan gee.

**"Viertrippelsesvier"**

1. Die naam beteken om ’n tak van ’n boom te ruk, om moeilikheid te veroorsaak. Hierdie betekenis het waar geword, want Nelson Mandela het groot verandering in Suid-Afrika gebring. Hy was die eerste president wat demokraties verkies is.
2. Nelson Mandela het eenvoudig grootgeword sonder weelde, tog het hy ’n groot leier geword.
3. Hy het meegehelp dat alle mense in Suid-Afrika gelyke regte het.
4. Jy is nie vry nie, jy sien nie jou familie nie, jy is eensaam. Dit moet baie erg wees.

**"Wens jy, Zek, jy was ’n gek soos ek?"**

1. ‘n Slang
2. Hy kan nie met sy linkerhand se duim en middelvinger ’n klapgeluid maak nie en hy kan nie fluit nie.
3. Jy hoef nie jou hare te kam nie. Jy kan vuil word soos ’n vark en stink soos ’n stinkbom. Jy hoef nooit te gaan slaap nie. Jou suster gebruik as aas wanneer jy gaan visvang.

## *Stories vir lekker lees* – saamgestel deur Fanie Viljoen

## Boek 2 Vlak 3

**Moontlike antwoorde:**

**"Die towersak"**

1. Haar pa sê sy is “anders” omdat sy nie by die tradisies van haar gemeenskap hou nie en dinge wil doen wat seuns gewoonlik doen.
2. In die velsakkie was daar geheime goed wat die meisie gehelp het om baie dinge te doen wat gewone mense nie kan doen nie, daarom is dit ’n towersak.
3. Die ma waarsku die meisie om nooit die sak oop te maak en binne-in te kyk nie.
4. Die meisie was bang dat haar geliefde haar nie meer vertrou nie en haar sal verlaat, daarom het sy in die sakkie gekyk.
5. Omdat hy gedink het dat hy nou alles van haar weet.
6. Die meisie was nie meer vry nie, sy kon nie meer haar eie gang gaan en inspirasie uit die natuur kry nie, daarom het haar stories opgedroog.
7. Leerder se interpretasie van die verhaal

**"Die seun en die goëlbal"**

1. Zoempie wil alles met die vuiste reg slaan./Leerders gee eie menings.
2. Hy moet die bal elke aand met klapperolie smeer en in die stam van die baobab bêre anders sal die bal in die lug in verdwyn na die keerkring, daar waar die son omdraai.
3. Kremetart (of baobab) en bolletrieboom
4. Die bende wil die bal neem na die anakonda wat bly by die groot berg in die mis. Hy wil die bal op sy neus balanseer.

5. Piekol dink eers na oor die situasie voordat hy optree. Dit is goed, dan tree hy nie oorhaastig op nie./Eie mening.
6. Die son word donker omdat die maan tussen die son en die aarde verbygaan.

### "Racheltjie de Beer"

1. Racheltjie de Beer
2. ’n Sneeustorm woed buite Racheltjie-hulle se huis. ’n Werker kom vertel dat een van die kalfies weg is. Racheltjie se pa besluit om die kalfie, Frikkie, te gaan soek. Racheltjie en haar boetie, Hendrik, wil saamgaan. Hulle ma wil eers keer, maar hul pa gee toestemming. Die kinders beland binne-in die storm. Hendrik kry baie koud. Racheltjie besluit om skuiling te soek. Sy kry ’n miershoop en hol dit uit. Sy gee haar klere vir haar boetie. Sy sit hom binne-in die miershoop sodat hy warm kan bly. Sy gaan lê self voor die miershoop. Die volgende oggend kry haar pa haar. Sy het gesterf van die koue.
3. Sy is bekommerd oor hom, want sy het hom met die hand grootgemaak.
4. Racheltjie offer haar lewe op vir haar broer.
5. Dit wys dat hulle vreeslik koud kry. Of dat hulle begin warmer kry.
6. Racheltjie moes bly leef.
7. Dit herinner aan die verhaal van Klara Majola. Sy het ook in die sneeu gesterf toe sy haar pa se lewe wou red.

### "Die boodskap"

- Leerders se gemotiveerde response en begrip van die verhaal.

### "Koning Leeu se geskenke"

1. Diere met slegte maniere was vrou Koedoe wat weggebly het, Olifant wat ’n vraat was, Renoster wat sy neus oral insteek en Kameelperd wat ongepoets was.
2. Vrou Koedoe het nie horings gekry nie; Olifant se horings het aan sy mond bly vassit; Renoster se horings het op sy neus bly vassit en sy oe het skrefies geword; Kameelperd het sy stem verloor.
3. Koning Leeu het baie gehou van Perd se spoggerigheid en van Koei se sagte stem.
4. Hy het vir hulle ’n klomp pakke klere met verskillende kleure gegee.
5. Kameelperd kry ’n spogpak, ’n lang nek en lang bene.
6. Leeu het geskrik vir Koggelmander en toe op sy kop getrap.
7. Hulle wou nie die sterte hê nie en het dit stilletjies gaan begrawe.
8. As jy te kieskeurig is, kry jy niks.
9. Krokodil het self ’n dik vel wat so taai en sterk is soos ’n horing.
10. Padda is ’n skaam dier, want sy klere is gesteel en nou loop hy kaal.

## *Stories vir lekker lees* – saamgestel deur Fanie Viljoen

## Boek 2 Vlak 4

### Moontlike antwoorde:

### "’n Nag in die begraafplaas"

1. Ja, hulle het gehardloop en toe het hulle nog geval ook.
2. Hy snuffel iets uit./Op heterdaad betrap./Jy moet rekening hou met hom.
3. Leerders se eie beskrywings, byvoorbeeld: Deurskynend/klam vingers/fosfor/wit/voete raak nie grond nie
4. Leerders se eie beskrywings, byvoorbeeld: Ja, een wat skuldig bevind is aan moord. Hy het ’n snymerk bokant sy oog gehad.
5. Leerders se eie response

### "Die swaeltjies en Nebu Kat Neser"

1. Swaeltjies kom in die somer na Suid-Afrika. Hulle kom baie keer weer terug na die plek waar hulle die vorige seisoen nes gebou het.
2. Familie laat ’n mens voel jy hoort iewers.
3. Ja, mense kan saamwoon as hulle nie selfsugtig is nie. Diere soos katte en honde kan gewoonlik nie saambly nie, maar daar is uitsonderings.

4. Die spreekwoord beteken: hy weet niks van ’n saak nie.
5. Leerders se antwoorde sal verskil, goeie redes vir keuse moet genoem word.

**"Super-Pa"**

1. Dit wys hoe verveeld die twee seuns is. Hulle gesigsuitdrukkings neem die plek in van die woorde.
2. Rugby
3. Hy is slim, want hy werk met rekenaars. Hy is ook baie sterk en word nie moeg as hy rugby speel nie.
4. Die pa wil nie saam met hulle gaan speel nie.
5. Hy is moeg. Al die rekenaars het gebreek, toe moes hy self dink.
6. Hulle is uit die veld geslaan.
7. Leerders se menings en motiverings

**"Heuningsoet woorde uit Sankhambi se mond"**

1. Die ape was wollerig en het stadig beweeg. Hulle het lang sterte gehad.
2. Leerder se eie motivering
3. Leerders se eie motivering

**"Die Fundudzi-meer"**

1. ’n Mite is ’n oorlewering omtrent gode en godsdiens.
2. Die god, Raluvhimba, het die meer geskep.
3. ’n Krokodil word nooit doodgemaak nie.
4. Die Venda-man was hartseer, want hy kon nie die vrou kry wat hy liefgehad het nie.
5. Die Wit Leeu, gees van Nethathe pas die woud op. Hy word gehelp deur Ndadzi, die donderweer- en weerligvoël.
6. Die Venda-konings en hul families is in die heilige woud begrawe.
7. Klasbespreking oor mites

## *Stories vir* lekker lees – saamgestel deur Fanie Viljoen

## Boek 2 Vlak 5

**Moontlike antwoorde:**

**"Die spookhuis"**

1. Nelia wil lid word van die gruwel-bende. Thabo en Stefan dink sy is te bang. Nelia word kwaad toe sy dit hoor en sê dat sy nie bang sal word nie. Om dit te bewys, stuur Thabo en Stefan haar na ’n spookhuis toe. Sy moet twintig minute binne bly. Toe die twintig minute verby is, kom Nelia steeds nie uit nie. Sy is ook nie terug na dertig minute nie. Thabo en Stefan gaan soek haar. Hulle loop hulle vas in ’n spook. Die spook vertel hulle dat Nelia al lankal weg is. Hulle het ’n ooreenkoms aangegaan dat as die spook vir Nelia los, sal daar later twee seuns opdaag wat hy kan vang.
2. Nee, mens kan nie sê dat daar ’n duidelike hoofkarakter is nie.
3. Nee, mens kan dit aan jou verbeelding oorlaat. Soos die verhaal nou is, skep dit spanning omdat jy nie weet wat daarbinne gebeur nie.
4. Ja, Nelia het die twee seuns lekker uitoorlê met haar slim plan.
5. Nee, sy het hulle ’n lelike streep getrek.
6. Die donker kleure, die spokerige wolke, die mis, die deurskynende spook, die vervalle ou huis.
7. Hier is nie ’n standaard-antwoord nie, maar kyk of die leerder sy antwoord goed kan motiveer.

**"Doodloopstraat 13"**

1. Sy het met haar sensitiewe vingers gevoel daar is geen letsel bokant die regteroog nie. En daar moes een wees na die vierde motorongeluk.
2. Met haar gehoorsintuig en haar reuksintuig. Sy weet hoe ver of naby mense aan haar is wanneer sy na hulle luister. Sy weet selfs wat het hulle geëet.
3. Hy onderbreek haar sin.
4. Kosbaar
5. Loop saam met

6. Leerders se eie response
7. Araya is slim. Sy neem baie waar deur haar ander sintuie.

### "Datas se eksperiment"
1. Hulle is belangrik vir die ewewig in die natuur. Hulle vang bv. ongeveer 600 muskiete per uur.
2. Koeie, honde, katte, walvisse, ensovoorts
3. Hy wil keer dat sy pa se bloed klonte vorm deur die speeksel van honderde vlermuise in die hande te kry en dan vir sy pa te gee.
4. Hy het die mense afgepers en gesê as hulle nie vir hom stem nie, mag hulle nie meer water by die enigste reservoir in die dorp kry nie.
5. ’n Komeet is ’n hemelligaam met ’n stert van sterre.
6. Wanneer Aristomedes se komeet sigbaar is, is dit prima tyd om eksperimente te laat werk, want die vonkies tussen die senuweehokkies in die brein is meer aktief.
7. Kleure maak die wêreld interessant en vol kontras. Dit sal baie vervelig wees as alles wit is.
8. Leerders se menings en motiverings

### "Die storie van die pikkewyn"
1. Haar rok en tjalie is swart en wit. Sy loop ook waggelend omdat haar een been korter is.
2. Besoedeling van die see bedreig pikkewyne se voortbestaan, want die olie kan pikkewyne se lewer beskadig, hulle blind maak of sere aan hulle lywe laat vorm.
3. Pikkewyne maak swembewegings wat hulle laat lyk soos voëls wat deur die water vlieg.
4. Byvoorbeeld: Reël ’n optog om mense bewus te maak van die uitwerking van oliebesoedeling.

### "Die bewaker van die kuil"
- Leerders se response

## *Stories vir* lekker lees – saamgestel deur Fanie Viljoen

## Boek 2 Vlak 6

### Moontlike antwoorde:
### "Vlieënde piering"
1. Sy neus voel eienaardig. Dik en swaar. Dis asof iets aan sy neus vassit.
2. Reg op die punt van sy neus sit daar ’n klein silwer dingetjie met flitsende liggies. Dit is ’n ruimtetuig.
3. Nee, die vlieg is nors. Hy skel op Kevin omdat hy te vroeg wakker geword het.
4. ’n Gedwonge landing wat gedoen moet word, bv. met ’n vliegtuig as die vliegtuig in gevaar is.
5. Hy sê ’n vlieg kan ’n vlieënde piering vol snorkgeluide tap en dan kan dit weer vlieg.
6. Ja, hy skiet Kevin droomland toe. Kevin word later wakker en die vlieg is weg.
7. Daar is duikies op sy neus waar die vlieënde piering gestaan het.

***Taalpret***
- Reg op die **punt** van sy neus sit daar ’n klein **silwer** dingetjie met flitsende liggies.
- Sy neus begin **jeuk**.
- Hy trek deur die lug en beland onderstebo op sy bed; sy voete doer bo teen die muur en sy kop op die **kussing**.
- Al wat hy sien, later toe hy weer wakker skrik, is die vier klein **duikies** op sy neus.
- Kevin se glimlag hou net ’n oomblik lank, want toe hy weer sien, **kruip** die vlieg ook onder die
- **bed** in.
- Jy het genoeg van my **tyd** gemors.
- Kevin kan sy **ore** nie glo nie.
- Die vlieg **sprei** sy vlerke en zoem nou voor Kevin se gesig verby.
- Die vlieg **swaai** sy straalgeweer **vinnig** heen en weer.

***Spreekwoorde***
- *Hy is die vlieg in die salf*: Hy is die een wat die moeilikheid veroorsaak.
- *Sy slaan twee vlieë met een klap*: Sy kry twee goed gelyktydig gedoen.

- *Hy sal nie 'n vlieg skade aandoen nie*: Hy sal niemand seermaak nie.
- *Sy sit met 'n hand vol vlieë*: Sy het 'n klomp moeite verniet gedoen.
- *Hy sit en vlieë vang*: Hy doen niks nie.

## "Die droommasjien"

1. Susan en die professor
2. Die professor roep na Susan om te kom kyk na sy nuwe uitvindsel. Sy is nuuskierig en wil by hom weet wat dit is. Hy verduidelik opgewonde dat dit 'n wonderlike, uitsonderlike, fantastiese droommasjien is. Susan is nou ook opgewonde. Sy het seker nog nie van so iets gehoor nie. Sy wil dadelik weet hoe dit werk. Die professor se skouers hang dan sommer. Hy lyk mismoedig toe hy vir haar vertel dat hy haar nie kan wys hoe die droommasjien werk nie. Hy sukkel nog om die masjien aan die slaap te maak.
3. Die professor is eers baie opgewonde, maar aan die einde is hy mismoedig.
4. Susan is aan die begin opgewonde, maar aan die einde is sy verslae oor die professor se opmerking.
5. Die karakters se klere met die sterre, die vreemde droommasjien en die agtergrond van die strokie herinner aan 'n laboratorium of dalk 'n ruimteskip.

## "Die pou"

1. a) Twee karakters - die verteller en Pou
   b) Die verteller. Hy vertel die storie en ons weet ook die meeste van hom.
2. Die verteller se ouma se plaas waar hy die pou gesien het. Die skool en in die Johannesburgse Stadsaal waar Pou gesing het.
3. Een van die karakters self
4. Sy was bang slange pik hulle.
5. Dit het gelyk asof honderde oë vir die verteller kyk – pers, groen, blou en swart oë.
6. Hulle het in 'n woonstel gebly. Die woonstel was klein en stil. Hy was dikwels alleen, want sy broers het gaan fliek of by maats gekuier. Sy ma het moeg en laat saans tuisgekom en moes soggens weer vroeg opstaan.
7. a) Harmse
   b) Graad ses
   c) Sing. Dit was die een ding wat hy goed kon doen. Hy het op 'n kunswedstryd gesing.
8. Hulle het hom weggejaag wanneer hy broodjies gebedel het.
9. Broodjies met grondboontjiebotter op.
10. Hy het nie broodjies skool toe gebring nie. Hy het winter en somer 'n kortbroek gedra.
    Hy wou nie dat die verteller hom by sy huis kom oplaai nie.
11. Kinders het op 'n muur geskryf dat hy dom is.
12. Hy was dalk skaam oor waar hy bly.
13. Die verteller was baie beïndruk. Die sang was vir hom besonder mooi om na te luister.
14. Die kolle op die pou se stert en Pou se suiwer note was soos 'n glinsterende oog wat in die son skitter. Die pou se kolle op sy stert en Pou se sang was albei baie mooi vir die verteller.

***Taalpret***

- joernaliste; bibliotekaresse
- digteres; skryfster
- kelnerin
- inspektrise; slavinne
- maer
- swaar
- klaar
- bydrae

*Versamelname:*

| | |
|---|---|
| trop | bundel |
| werpsel | hoop |
| trop | kolonie |
| swerm | nes |

## "Orbitrol se geheim"

1. Die soort waar ons wêreld binnegeval word deur persone of dinge van ‘n ander wêreld. Die verhaal speel af in ‘n denkbeeldige dorp op die aarde.
2. In ’n denkbeeldige wêreld: Orbitrol
3. Een dag
4. a) Charmaine: Skrik vinnig en is bang vir Planta. Hou van lees en lewende dinge.
   b) Sonia: Hou van lees en lewendige dinge. Donker krulhare.
   c) Jeremy: Hy het sterk boarmspiere. Hy is die slimste kind in Orbitrol, en word spottend “Professor” genoem. Sy witblonde hare staan regop. Hy dra ’n ronde brilletjie.
5. Hulle wil vasstel wat Planta doen.
6. hare: grys
   naels: vuil en swart
   kloue: knokkerig
   tone: knopperig
   moesie: harig
   lag: kekkelrig
   hakke: vol bruin barste
   mond: een voortand uit
7. a) Kry hoendervleis
   b) Gril
   c) Kopvel trek saam
   d) Tande klap op mekaar
8. **Planta** se huis is baie groot. Die het baie klein **venstertjies**, ’n groot **stoep** om die huis en het ’n **rooi** sinkdak. Die huis staan verlate op ’n groot **erf** aan die kant van die dorp. ’n Groot **peperboom** staan aan die huis se regterkant. Die **sinkdak** dop af en die **geute** is stukkend.
9. Jeremy. Hulle noem hom spottend “professor”. Hy word as die slimste kind in Orbitrol deur die verteller bekend gestel.
10. ’n Gedierte wat uit die een Delicious Monster gekom het.
11. Hy is in stukke geskiet.
12. Die saadjies wat die Delicious Monsters in Planta se tuin begin strooi het.
13. Planta wat Orbitrol en die osoonlaag wil vernietig.
14. Dit laat die leser besef dat dit nie die einde is nie

### "Ganekwane en die groen draak"

1. a) “Eendag . . .”
   b) “En van toe af tot nou . . . “
2. Verlede tyd
3. Daar is ’n groen draak wat kan praat.
4. Hulle wou hul vyande van ver af sien aankom.
5. Hy het rook en vuur geblaas.
6. a) Buig laag voor die draak.
   b) Kniel voor die draak.
   c) Val op die grond neer.
7. Hy kan nie die draak wegtoor nie.
8. Sy is te oud en te lelik. Ganekwane is haar kleindogter.
9. Dalk ook bangerig, maar het verder geklim.
10. Ja. Sy het gesê sy het nie vuur aan haar vel of ’n assegaai agter haar rug of klippe tussen haar tone nie, maar sy weet sy kan mooi stories vertel.
11. Nee, sy het die stories vertel al het die blaar onder haar tong uitgeval.

### "Van Hunks en die duiwel"

- Met die koms van ‘n skip kom daar altyd iets nuuts om na te kyk en iets om oor te praat.
- Van Hunks het die duiwel uitgedaag in ‘n wedstryd om soveel tabak soos hy te rook.
- Leerders se eie gemotiveerde respons

## Boek 3 Vlak 1

### Moontlike antwoorde:
### Dagboek
- As iets baie swart is, is dit **pikswart**.
- As iets baie rooi is, is dit **bloedrooi**.
- As iets baie wit is, is dit **leliewit** of **spierwit**.
- As iets baie groen is, is dit **grasgroen**.
- As iets baie blou is, is dit **potblou**.
- As iets baie geel is, is dit **goudgeel**/**kanariegeel**.
- As 'n mens baie bang is, is jy **doodbang**.
- As jy baie lelik is, is jy **skreeulelik**.
- As jy baie mooi is, is jy **wondermooi**/**popmooi**.

*Antwoorde*
1. Die rommel by die rivier gaan optel.
2. Nee, hy wil eerder X-Box speel.
3. Plastieksakke, koeldrankblikkies, sjokoladepapiere, sigaretstompies
4. Dit is silwerskoon.
5. Iemand van die koerant het hulle kom afneem.

### "Aangename kennis, Vladimir Tretchikoff"
1. Skilder
2. Rusland
3. Nee. Hy is in 2006 oorlede en eers toe het hy baie geld vir sy skilderye gekry.
4. Baie goeie prys; baie geld
5. *Voltooi die sinne:*
   a) Russe
   b) Kanadese
   c) Kapenaars
   d) Duitsers
   e) Vrystaters
6. *Name:*
   a) skilder
   b) argitek
   c) pianis
   d) violis
7. *Meervoude:*
   a) kunstenaars
   b) verfkwaste
   c) pensele
   d) miljoene

### Woordspeletjies
*Wat raas so*? - Instrumente

### Speloefening
meisie
storm
handvatsel
sand
wind
deurmekaar

### "Die bokser"

1. Oop vir interpretasie - eie response
2. Jy het blou kolle of kneusplekke na ’n geveg.
3. Nee, hy het slegs blou kolle op sy lyf.
4. Karate
5. Groen en goud

**"Sussie leer ’n les"**

1. Oop vir interpretasie - eie response
2. Sy babasussie het sy hare getrek.
3. Dit kan nie so seer wees as ’n baba jou hare trek nie, Jaco huil onnodig.
4. Jaco het haar hare getrek.
5. Sodat sy leer haretrek is seer.
6. Nee, dit was baie lelik van hom.

**Lees en kyk na ’n weerberig**

*Tekens/simbole:*

- Die son gaan skyn.
- Daar gaan wolke in die lug wees. Ons sê dit is “bewolk”.
- Die son sal ’n bietjie skyn, maar daar gaan ook wolke in die lug wees. Ons sê dit is gedeeltelik bewolk.
- Dit gaan reën.
- Daar gaan reën en donderstorms wees.
- Dit gaan sneeu.

*Antwoorde:*

1. Port Elizabeth en Bloemfontein
2. Polokwane, Mbombela en Klerksdorp
3. Dit gaan by albei bewolk wees.
4. Die son gaan by albei skyn.

**"O wêreld, ons vernielde woning"**

1. Om inwoners van die aarde bewus te maak van die gevolge wat besoedeling en uitputting van hulpbronne het op die aarde.
2. Alle inwoners van die aarde.
3. Besoedeling en die kweekhuiseffek.
4. Gevolge:
   a) Waterskaarste, toerismebedryf is in gedrang. Droogtes, vloed, peste, siektes, armoede en hongersnood. Landbou (in die noordelike gebiede in Suid-Afrika veral), beskermde gebiede (soos die Krugerwildtuin) kan tot twee derdes van hulle spesies verloor.
   b) Koraalriwwe en tropiese woude se ekostelsels sal in gevaar wees.
   c) Die Amasone-woud in Suid-Amerika gaan wegkwyn.
   d) Dele van die wêreld gaan onder die see verdwyn.
5. Son- en windkragkragopwekkers gebruik, elektrisiteit en water bespaar, inheemse bome plant, kleiner motors ry (openbare vervoer is ook ‘n goeie opsie) en herwin.

**Resepte**

***Druiwe-ysies***

1. Jy stuur dit na ‘n ander land wat dit by jou gekoop het.
2. 2 koppies
3. Druiwe-, lemoen- en suurlemoensap.
4. 5 minute
5. Sodat ysbakkies of ysvormpies nie smelt van die warm vloeistof nie.

***Piesangbrood***

- Skil die piesang.
- Sny die piesang in die lengte, middeldeur.
- Sit die twee stukke piesang langs mekaar in die poedingbakkie.
- Skep roomys in die middle, tussen die twee stukke piesang.

- Gooi sjokoladesous oor die roomys.
- Versier met Smarties.

**Woordpret**

1. Dolfyn
2. Eiland
3. Seekat

## *Liplekker leesdinge* – Fanie Viljoen en Marita van Aswegen

## Boek 3 Vlak 2

**Moontlike antwoorde:**

**"Diewe slaan toe op Kroongolf"**

1. Televisies, DVD-spelers en geld is gesteel.
2. Nee, dit is die eerste keer dat Kroongolf onder so ‘n misdaadgolf deurloop.
3. Hulle het die agterdeur met ‘n stuk yster oopgebreek.
4. Sy CD’s is gesteel. Party van die CD’s was baie skaars. Hy sal hulle nooit kan vervang nie.
5. Hy en sy vriende gaan pamflette versprei om mense daarteen te waarsku. Die pamflette sal ook nuttige veiligheidswenke bevat.
6. Klasbespreking oor moontlike oplossings.

**"Veiligheid op die internet"**

1. Speel speletjies, soek inligting, doen banksake, ens.
2. Daar is skelms op die internet wat inligting of geld wil steel.
3. Enige twee van die volgende:
    - Laai ‘n anti-virusprogram op jou rekenaar
    - Plaas ‘n geheime sleutelwoord op jou rekenaar
    - Sit ‘n goeie sleutelwoord op jou internet-bank
    - Moenie jou persoonlike inligting op die internet sit nie
    - Moenie jou persoonlike inligting met ‘n e-pos aan iemand stuur nie
    - Gebruike veilige webblaaie wanneer jy iets koop. Daar moet ‘n slot onderaan die webblad verskyn

**Alet se dagboek**

1. 14 Mei 2013
2. Daar was inbrekers by Nathi-hulle se huis. Sy is bang hulle kom na haar huis toe.
3. Sy wil by haar ma-hulle gaan slaap. Hy sal nee sê.
4. Nee, sy was baie vaak by die skool volgens haar volgende dagboekinskrywing. Sy het gesê sy het nie haar volgende dagboekinskrywing.
5. Sy het die kombers oor haar kop gegooi.
6. *Verkleinwoorde:*
    a) e-pos – e-possie
    b) kombers – kombersie
    c) huis – huisie
    d) skool – skooltjie
    e) pa – pa’tjie
    f) inbreker – inbrekertjie
7. *Teenwoordige tyd:*
    a) Dit is vreeslik!
    b) Ek kry ’n e-pos van Nathi.
    c) Ek is baie vaak in die skool.
8. *Verlede tyd:*
    a) Ek was bang.
    b) Ek het ’n middagslapie gevang.
    c) Ek het die kombers oor my kop gegooi.

**Teksboodskappe**
1. Ek kan nie nou kom kuier nie. My fiets is gesteel. Sien jou later. Driekus
2. Alet, ek gaan eendag 'n polisieman word, en jy? Vernon
3. Nathi, maak seker die huis se deure is gesluit. Daar is skelms in die omgewing. Ek is nou daar. Ma

**Geselsbrief**
1. Tennis
2. Onwaar: Hy eet broccoli, 'n soort kool.
3. Vir energie
4. Wanneer hulle verloor
5. Aggressief
6. Leerder se eie gemotiveerde respons

**Taalpret**
1. a) Gisteraand het Anton en Vernon by ons kom kuier.
   b) Soms kom (daar) baie mense tennis kyk.
   c) Vir hom is ek nie bang nie.
   d) Op die tennisbaan is ons altyd baie fluks.
2. a) Vernon het nie meneer Hancke gevra om hom te help nie.
   b) Ek wil nie gesels nie.
   c) Dit is nie so groot soos 'n tennisbal nie.
   d) Sy kan nêrens 'n raket in die hande kry nie.
   d) Moenie staan nie!
3. a) Ons sal met ons rakette soontoe gaan.
   b) Hy sal baie oefen om fiks te raak.
   c) Vernon sal goed speel sodat hy kan wen.
4. a) Gaan jy vanmiddag saam met ons speel?
   b) Oefen hulle gereeld?
   c) Het hy lekker geslaap?
   d) Raas die droë blare in die wind?

**E-posboodskappe**
1. 7:50 nm
2. Iemand het ingebreek en CD's en die televisie gesteel.
3. Sy kry Nathi jammer.
4. Hy wil 'n pamflet maak om mense te waarsku teen die diewe. Die pamflet gaan ook veiligheidswenke insluit.
5. Sy gaan die pamflet ontwerp. Sy teken baie goed.
6. Laat die leerder toe om sy eie wenke uit te dink.

**Visitekaartjies**
1. Hy is die bestuurder.
2. Sel: 088 2345 786 of tel: 001 – 567 0967
3. www.hekke.co.za
4. Hy is 'n verkoopsman.
5. pule@diefdig.net
6. Lang straat – Langstraat 3
   Prinses straat 14 – Prinsesstraat 14
   Roosboom laan 5 – Roosboomlaan 5
   Tweede laan – Tweedelaan 8 of Tweede laan 8

**Hoe kan jy dinosourus-piepie bewaar?**
1. Nee, die hoeveelheid water bly dieselfde.
2. 1%
3. Daar is te min water.

4. Soek plekke waar water lek – maak seker jou toilet lek nie; moenie die toilet as ’n asblik gebruik nie. Die leerder kan ook enige van die ander wenke in die stuk, of van sy eie idees, as antwoord gebruik.

**Hoe om ’n spookvis te maak**

1. Vier
2. ’n Swart ogie
3. 15 – 20 sekondes
4. Die vissie verskyn nou in die visbak, maar sy kleur verander.
5. Na-beelde

**Damme van Suid-Afrika**

1. Om water te stoor.
2. Van sement, grond en klip.
3. Die Lesotho Hoogland Waterskema
4. Vrystaat, Gauteng en Mpumalanga
5. Vir besproeiing
6. Groot water
7. Dit is gekurf, net soos ’n eierdop.
8. Leerder se eie respons

**Tandpyn is ’n pyn**

1. Vier keer
2. Sy kom van die tandarts af.
3. Leerder se eie respons

**Speel weervoorspeller**

1. Ses
2. Kaapstad
3. Die son gaan skyn.
4. Dit gaan gedeeltelik bewolk wees.
5. Nêrens
6. Durban, Oos-Londen en Port Elizabeth
7. Hy het nie Johannesburg en Pretoria se weer aangedui nie.

**Kopkrapper**

*Antwoord*: skoenlapper of vlinder

**Tongknopers**

1. Daar sal niks daarvan kom nie.
2. Reënweer

**Raaisels**

Waarmee eindig alles? Antwoord: Die letter “*s*”!
Wat val sonder om seer te kry? Antwoord: Reën.
Watter woord word altyd verkeerd uitgespreek? Antwoord: Die woord, “verkeerd”!
Wat het gate, maar kan steeds water hou? Antwoord: ’n Spons.

**Woordspeletjies**

*Antwoord*: pikkewyn

**Iets om te doen – volg aanwysings**

- Water gedra hom altyd asof ’n styfgespande vliesie oor sy oppervlakte is.
- Maak ’n stok aan die kraan vas en laat rus dit op die kant van die emmer. Maak die kraan effens oop. Die water loop dan in ’n straaltjie van die kraan teen die stok na die emmer. Dit gebeur omdat water aan sommige stowweklou.

**Woordraaisels**
moord
kort

**Speloefening**

benoud
opening
gevaar
trappe
naels
horlosie

## *Liplekker leesdinge* – Fanie Viljoen en Marita van Aswegen

## Boek 3 Vlak 3

### Moontlike antwoorde:

### Boomplantdag

1. Boomplantdag
2. Die botanikus, Gawie Groeihand
3. Ja, in die uitnodiging word genoem dat hy wêreldbekend is.
4. Wanneer die regte tyd is om ‘n boom te plant, watter boom reg is vir ‘n spesifieke tuin, hoe mens grond voorberei vir die plant van ‘n boom en hoe om ‘n boom te versorg.
5. Kroongolf Kwekery
6. Dit is gratis.
7. Michelle

### Teksboodskappe (SMS'e)

1. Vernon, ek gaan vandag ’n boom plant. Wil jy kom help? Bring jou kamera saam. Alet
2. Alet, onthou, moenie rommel strooi nie. Pa
3. Nathi, kom ons herwin ons ou skoolboeke. Die papier kan vir ander goed gebruik word. Dan spaar ons die bome. Alet

### E-posboodskappe

1. Nathi
2. Hy het rekenaarspeletjies gespeel.
3. Daar was ’n vloed wat mense dakloos gelaat het.
4. Drie dae
5. Hy wonder of hulle nou blyplek, kos, klere, en komberse het.
6. Hy gaan deur sy kaste gaan om te sien of daar iets is wat hy by die plaaslike tak van die Rooikruis kan ingee. Hulle sal dit versprei aan die mense van die Wes-Kaap.
7. Dit beteken “omtrent” of “aangaande”. Rekenaars sit dit gewoonlik self in die onderwerpveld wanneer mens op ’n e-pos antwoord.

### Geselsbrief

1. *Hoofletters en leestekens:*
   a) “Kom speel by my,” sê Vernon aan sy maat, Nathi.
   b) Hy vra: “Het al die duiwe teruggevlieg?”
   c) “Sjoe, maar dis darem warm vandag," sê Alet.
2. *Deelteken:*
   a) My duif het vanoggend vroeër geëet as gisteroggend.
   b) Die moeë duif sit rustig op die draad.
   c) Hoor hoe sing die voëls in die bome.
   d) Ons gaan weer ’n wedvlug vir duiwe reël.
3. *Koppelteken:*
   a) My oupa-hulle sal twee-uur hier wees.
   b) In Suid-Afrika is daar nog baie duiweboere.
   c) Ek gaan gou-gou my duiwe kos gee.
4. *Kappie:*

a) Sy het gesê dat ons môre (of more) die kompetisie kan bywoon.
b) Die skape wat blêr moet ver loop na die water.
c) Ons almal se rûe word soms seer.

**Poskaart**

1. Lucas Malan
2. Fekile
3. Hy is ’n argitek.
4. Sy is ’n boomkenner.
5. Dan kombineer dit hul belangstellings; iemand wat in huise belangstel en iemand wat in bome belangstel.

**Kennisgewing**

1. Rook verbode
2. Geen persoon mag in hierdie omgewing rook nie.
3. Sigaretrook
4. Binne- en buite geboue waar mense die rook kan inasem.
5. Troeteldiereienaars
6. Met hulle honde draf of aan die leibande op die strand loop.
7. Honde kan hul besigheid (ontlasting) doen op die strand wat onhigiënies is.

**Pamflet**

*Antwoorde:* kremetartboom, lekkerbreek, naboom

1. Tussen die takke
2. Ja, want die takke verwys na bome.
3. Kroongolf se natuurreservaat op 8-10 Oktober teen 9 vm.
4. Leerders se eie gemotiveerde respons.

**Kaalvoet**

1. c) Moenie gras daaroor laat groei nie.
2. Tafelberg, Namakwaland, Krugerwildtuin
3. Ja, want die mense spring in die lug.
4. Hulle is gelukkig, want hulle spring in die lug van vreugde.
5. Hulle is in ’n veld met welige groen gras. Daar is net ’n paar wolkies in die verte, verder is die hemel helderblou.
6. Die antwoord is oop vir interpretasie.
7. Kaalvoet-toere

**Eksamentyd**

1. Name en tyd in minute.
2. Tina wil 60 minute aan Afrikaans bestee.
3. Tina en Naledi wil albei dieselfde hoeveelheid tyd aan Engels bestee – 60 minute.
4. Tina wil 90 minute aan Wiskunde bestee.
5. Naledi wil in totaal 135 minute spandeer teenoor Tina se 210 minute.

**Vlermuis-dinge**

*Grapprent 1:*

1. Want die vlermuise hang onderstebo!
2. Dit is aand.
3. Bloedsuiende vlermuise
4. Die vlermuis het nie iemand se bloed gesuig vir aandete nie. Hy het in ’n muur vasgevlieg – dit is sy bloed wat op sy bek is.

*Grapprent 2:*

1. ’n Foto van haar muiskêrel.
2. Sy is nie beïndruk nie, want dit is nie ’n regte muis nie, maar ’n vlermuis.
3. Haar kêrel het vir haar gejok en gesê hy is ’n vlieënier. Sy het dalk gedink dit is oulik.

**Alet se kalender**

1. Dis ’n amptelike, nasionale vakansiedag waarop almal ’n boom plant.
2. 5 Augustus
3. 6 Augustus by haar oupa
4. 8 Augustus
5. Elke twee dae
6. Sy moet op 23 Augustus die boom natmaak, nie 24 Augustus nie.

**Instruksies: Hoe om blomme en blare te droog**

1. Groot blomme sal dalk nie in die boek pas nie. Of daar sal nie plek wees vir ander blomme of blare as die blomme te groot is nie.
2. Sodat die boek se blaaie nie seerkry nie.
3. 1 tot 2 weke
4. Kaartjies, boekmerke, skilderye (Die leerder kan ook sy eie idees by die lysie voeg.)

**Diagram: Hoe lyk die aarde se binnekant?**

1. Die kors (die grond, berge, see, riviere)
2. Die binneste kern
3. Die boonste en onderste mantel
4. Dit is die afstand van die middelpunt van ’n sirkel tot by die buitekant van die sirkel.

**Hoe werk tydsones?**

1. Sonhorlosies
2. 1 uur
3. 24
4. C.J. Langenhoven
5. Die Britse Spoorweë
6. Nee, China lê byvoorbeeld oor meer as een tydsone, maar hulle gebruik net een tyd regdeur die land.
7. Selfone en rekenaars
8. GMT+02:00 Harare, Pretoria

**Wat sê die weerman?**

1.

| Sonskyn | Gedeeltelik bewolk | Reën |
|---|---|---|
| Upington | Kaapstad | Bloemfontein |
| | Port Elizabeth | Kimberley |
| | Oos Londen | Klerksdorp |
| | Durban | Pretoria |
| | Nelspruit | Johannesburg |
| | | Polokwane |

2.

| 20°C – 25°C | 26°C – 30°C | 31°C – 35°C | 36°C – 40°C |
|---|---|---|---|
| Polokwane | Pretoria | Oos Londen | Upington |
| Kimberley | Johannesburg | Port Elizabeth | |
| Bloemfontein | Klerksdorp | Kaapstad | |
| | Nelspruit | Durban | |

3.

| 20°C – 25°C | 26°C – 30°C |
|---|---|
| Bloemfontein | Klerksdorp |
| Kimberley | Johannesburg |
| Polokwane | Pretoria |

4. Upington
5. Polokwane
6. Somer

**Raaisels**

- Dit is verkeerd. Die sleutel wat hy gestuur het, was in sy posbus en dit is toegesluit.
- Nee. As hy dood neergeval het, sou niemand weet wat hy gedroom het nie.
- In die woordeboek

**Kom klim in 'n boom!**

*Antwoord*: inheems

**Resep**
**Suikerbekkie-sosaties**

*Metode*

- Was die **vrugte**.
- Sny die vrugte in klein **stukkies**.
- Sprei die klapper in die een bord uit.
- Gooi die jogurt in die ander bord uit.
- Sit nou versigtig die stukkies vrugte waarvan jy hou op jou **sosatiestokkie**. Doen dit totdat die hele stokkie amper vol vrugte is.
- Hou die stokkie vas aan die **punte**. Rol dit in die jogurt totdat dit heeltemal bedek is.
- Rol die stokkie nou in die **klapper**.
- Herhaal die **stappe** met die ander sosatiestokkie.

*Antwoorde:*

1. Nes 'n suikerbekkie soetigheid uit die natuur kry, het die resep soetigheid wat natuurlik voorkom.
2. Appel, piesang, druiwe, mango, lemoen, pynappel
3. Die vraag is oop vir interpretasie.
4. Daar kan nog vuiligheid aan wees, of dalk gifstowwe wat gebruik is om die vrugte te kweek.
5. Dit is gesonder as gewone jogurt.
6. Nee, daar moet nog plek wees waaraan jy die stokkie kan vashou.
7. Rol eers die sosatie in die jogurt.

## *Liplekker leesdinge* – Fanie Viljoen en Marita van Aswegen

## Boek 3 Vlak 4

**Moontlike antwoorde:**
**"Entrepeneurs kraai koning"**

1. Laerskool Kroongolf
2. Nee, mense van die naburige dorp Laagwater het ook gekom.
3. Mevrou Gumede was verstom oor die kinders se kreatiwiteit. Sy het gesê hulle gaan eendag baie goeie besigheidsmense wees.
4. Pannekoek, spookasem, hamburgers en koeksisters. Notaboekies, versierde penne, sneesdoekies en teddiebere.
5. Hy wil dit spaar sodat hy vir helikopter-vlieglesse kan gaan.
6. Dit sal leerders eendag help om nuwe besighede te begin. Dit sal ook Suid-Afrika se ekonomie op goeie voet hou.

7. Hou 'n bespreking en skryf die eienskappe neer.

**Die geheim van sukses**

1. Sy het die jongste Suid-Afrikaanse vrou geword om 'n student-vlieglisensie te kry.
2. Sy moes die vereiste 8 vliegure en 7 teoretiese eksamens suksesvol voltooi.
3. Haar pa Hentie, ook 'n vlieënier, is Winandi se rolmodel. Hy het haar baie aangemoedig en haar na lugskoue geneem waar hy haar in die stuurkajuit van vliegtuie laat sit, en ook met vlieëniers laat gesels het.
4. Die geheim van haar sukses is dat sy nie moed opgee nie, al gaan dit moeilik. "As jou hart nie daarin is nie, hou op," gee sy raad.
5. Sy moes 'n balans vind tussen vlieg, sport en skool.
6. Winandi sê jy moet nie mense glo as hulle se jy kan nie iets doen nie. Haar raad vir almal wat hul drome wil najaag, is dat hulle dit ernstig moet opneem, hard moet werk en voluit daarna moet streef.

**Speelklei**

*Metode*

- Laat afkoel en knie goed.
- Voeg kleursel by en knie weer.
- Roer oor medium hitte totdat die mengsel 'n bol in die middel vorm.
- Bêre in 'n houer waar lug nie kan inkom nie. Jy kan ook 'n plastieksakkie gebruik.
- Meng al die bestanddele, behalwe die voedselkleursel.

*Antwoorde:*

1. Water, kookolie en voedselkleursel. Koekmeelblom, sout en kremetart.
2. Voedselkleursel
3. Die mengsel sal 'n bol in die middel van die pot maak.
4. Sodat jy nie jouself brand nie.
5. Sodat die klei nie uitdroog nie.

**"Die Stoutsterte van Texel tot Tafelbaai"**

1. Spelling:
   a) muis
   b) skitterend
   c) spanning
   d) reis
   e) geskiedenis
   f) dooie
   g) gaatjies
   h) papegaai
2. Pieta en Leentjie van Sterten. En Koot en Ellie Kaas.
3. Ses babamuise word op Kersdag gebore.
4. Jan van Riebeeck bestuur die skip, Die Drommedaris.
5. Van Texel, Nederland tot in Tafelbaai, Suid-Afrika
6. Storms, vreeslike branders, die gevaarlike Gemmerkat, Vasco Slimrot en matrose wat muise in die see inslinger.
7. Daar is nie 'n standaard-antwoord vir hierdie vraag nie. Maak net seker dat die leerder sy antwoord kan motiveer.

**Kennisgewing**

1. President se toespraak vanaand op televisie.
2. TV
3. Sodat jy kan weet wat in die land gebeur.
4. Vra iemand om dit aan jou te verduidelik.
5. Ja, op die radio.
6. Afkortings:
   a) ensovoorts – ens.
   b) Suid-Afrika – SA

c) Saterdag – Sa.
d) president – pres.
e) Desember – Des.

### E-posboodskappe

1. Vernon
2. Vernon het nie ’n plan gemaak nie. Hy het net ’n doelwit gestel, nl. dat hy ryk wil word.
3. Om ’n goeie plan uit te dink.
4. Alet
5. Motorwas:
   a) Jou doelwit, wie jou klante gaan wees, wat die toerusting sal kos, en hoeveel wins jy wil maak.
   b) Sy wil prentjies teken en op Kroongolf se kunsmark verkoop.
   c) Ons praat dikwels van ’n goeie plan as ’n “blink plan”. Maar blink kan ook op ander goed toegepas word byvoorbeeld dat motors kan blink of jou hare kan blink, ensovoorts.

### Teksboodskappe

1. Nathi, ek gaan skilderye verkoop by die skool. Sal jy vir my rame maak? Alet
2. Wat het ek nodig vir die rame? Nathi
3. Koop planke, houtgom, spykers, klampe en verf. Ek sal jou terugbetaal. Dankie. Alet
4. En wat van hakies en draad om dit mee op te hang?
5. Ja, dit ook. Ek het vergeet daarvan.

### Hoe werk ’n teleskoop?

1. Om iets wat baie ver is, te kan sien – soos ’n ster of ’n ander planeet.
2. Teleskope wat werk met glas en die wat werk met spieëls werk.
3. Meer
4. Binne-in die teleskoop
5. Die versprei die lig en maak dit groter – soos ’n vergrootglas.
6. Leerders se gemotiveerde antwoorde

### Planete in ons sonnestelsel

1. ’n Planeet is hemelliggaam wat in ’n baan om die son beweeg.
2. Verste van die son – Neptunus. Naaste aan die son – Mercurius.
3. Koudste – Mars; Warmste – Venus.
4. Waar. 75% van die aarde se oppervlakte is onder water.
5. Dis ’n tregtervormige gat in die grond of op ’n berg.
6. a) wentel – draai
   b) atmosfeer – ’n gasomhulsel/dampkring om die aarde
7. Metaan (moerasgas) in die atmosfeer.

### Ruimtevaarders nodig

1. Die Suid-Afrikaanse Ruimteburo soek mense om as ruimtevaarders op te lei.
2. In tydskrifte of koerante
3. ’n Avonturier
4. Leergierig
5. Dis die afkorting vir ’n curriculum vitae. Dit is ’n dokument wat jou persoonlike besonderhede, kwalifikasies en ondervinding aandui. Mens gebruik dit om aansoek te doen vir ’n werk.
6. Die mense moet voor ’n sekere datum aansoek doen vir die pos, anders sal dit te laat wees.
7. Iemand wat ’n Suid-Afrikaner is. Die persoon se identiteitsdokument sal aandui dat hy ’n Suid-Afrikaner is.

### Uit ons geskiedenisdagboek: Swartkolke

1. Hulle word oud en verswak.
2. Die fisikus, John Wheeler
3. Met ’n ontploffing skiet iets buitetoe. Met ’n inploffing skiet dit na binnetoe.
4. Nee, hulle is onsigbaar, want nie eens lig kan uit hulle ontsnap nie.

5. Robert Oppenheimer
6. Dat swartkolke in die rondte kan tol.
7. Dat swartkolke nie heeltemal swart is nie, maar klein hoeveelhede hitte uitstraal.

**Skattejag**

1. Loyiso het 35% gekry.
2. Mandi en Kobus. Hulle het elkeen 10% van die skatte gekry.
3. Hulle sal minder skatte hê. Janet het 25% van die skatte. Mandi en Kobus sal 20% hê.
4. Hulle sal meer skatte hê. Loyiso het 35% van die skatte. Mandi, Kobus en Alice sal 40% hê.
5.

| Naam | Aantal skatte gevind |
|---|---|
| Kobus | 2 |
| Mandi | 2 |
| Loyiso | 7 |
| Janet | 5 |
| Alice | 4 |
| Totaal | 20 |

**Ma se lekker kos**

1. b) smaaklik
   c) heerlik
2. Nee, sy het dit gekoop en warm gemaak.
3. Om iets te ontdooi van vriespunt tot amper vars.
4. Ja, sy wil die resep hê om die gereg self te maak.

## *Liplekker leesdinge* – Fanie Viljoen en Marita van Aswegen

## Boek 3 Vlak 5

**Moontlike antwoorde:**

**E-posboodskappe**

1. Alet Swart
2. Nee, in die laaste e-pos praat hy van die Krugermiljoene.
3. Die plante en voëls van ons land.
4. Wildbewaring
5. President Paul Kruger

**Teksboodskappe (SMS'e)**

1. Nathi, ek gaan strand toe. Daar is lekker branders vandag. Kom jy saam? Vernon
2. Vernon, ek gaan Augrabies Nasionale Park toe saam met my pa. Ek is eers weer Sondag terug. Nathi
3. Ek hoor daar is luiperds. Pasop vir hulle. Hulle het groot tande en groter keelgate.
4. Toemaar, ek is gewoond aan mense met groot bekke.
5. Praat jy nou van my?
6. As die skoen jou pas, trek hom aan. Spreekwoord: As jy dink dit is waar, dan is dit.

**Resensie: *Die Balkieboek***

1. Hy is bruin, wollerig en hy het 'n oulike neus.
2. Onder 'n hoop blare. Hy is bang hulle eet hom.
3. Isak, Bert en Karien
4. 'n Spook
5. Die leerder kan enige goed gemotiveerde antwoord gee.

**Nathi se dagboek: Augrabies Nasionale Park**

1. Nathi is in die Augrabies Nasionale Park, by die Oranjerivier.
2. Hy voel bekommerd.
3. Hulle moet 4 km met die rivier af roei. Voëls soos visarende en klein visvangers. Diere soos klipspringers, 'n jakkals en 'n watermuishond. Hy sien ook die prentjiemooi landskap met die Augrabies-kloof se rotsformasies.
4. Hulle moes 6 km stap. Die gids het hulle teen luiperds gewaarsku.
5. Hy was fiks en het daarom nie so moeg geword van die staptog nie.
6. Hulle moes 12 km met bergfietse ry.
7. Nee, hy se net die laaste paar kilometer was afdraand en so maklik soos om van 'n fiets af te val.
8. Nee, hy skryf dat hy verniet bekommerd was. Die avontuurrit was vreeslik lekker.

### Kopkrapper – 'n raaisel

*Antwoord*: 'n Slak

### Maak 'n duikboot

1. hard
2. duikboot
3. bottel
4. klein
5. vinnig
6. bolletjie
7. Speelklei,'n plastiekpendoppie, water en 'n plastiekkoeldrankbottel.
8. Die bottel moet vol wees.
9. 'n Bolletjie klei
10. Wanneer jy die bottel hard druk.
11. Visse

### 'n Handvol goud

- Plet'baar – wat platgeslaan, platgemaak, platgepers kan word.
- Al'looi – die gehalte van suiwer goud of silwer in muntstukke.
- Ka'raat – die maat vir die bepaling van die suiwerheid van goud of silwer; die gewigseenheid vir diamante, pêrels en ander kosbare edelgesteentes.

### Die ontdekking van goud

1. Om die leser in te lig oor die ontdekking van goud.
2. 'n Besonder waardevolle metaal
3. Emigrante – iemand wat sy land verlaat om hom in 'n ander land te vestig; landverhuiser. *Byvoorbeeld*: My suster is 'n emigrant in Australië.
4. Hulle het die land kom kolonialiseer omdat hier goud ontdek is.
5. Van Engelse oorsprong

### Die uitvinding van die selfoon

1. Motorola
2. 850 gm
3. Dis 'n draadlose telefoon.
4. Radiogolwe; ontvangsantennes

### Hoe werk 'n selfoon?

1. Van 'n telefoon en 'n radio
2. Radio's en televisie
3. Selfoonseine kan deur mure en vensters beweeg.
4. Na die basisstasie of 'n selfoontoring
5. Selfone word kleiner omdat hulle minder krag gebruik en dus kleiner batterye nodig het.

### Skrif

1. Die Egiptenare

2. 3000 v.C.
3. Die Sumeriese mense
4. 1300 v.C.
5. Die Griekse alfabet
6. Die Romeinse alfabet

### Simbole

*Padtekens:*

1. Die pad vernou vorentoe.
2. Jy mag nie vinniger as 80 km per uur ry nie.
3. Geen parkering
4. Parkering slegs vir gestremdes.
5. Jy moet stop.

*Wat vra die man?*

6. Hy soek ’n polisieman of dalk die polisie.
7. Hy soek ’n kitsbank
8. Hy soek ’n dokter.
9. Hy soek ’n tandarts.
10. Hy soek die manskleedkamer.
11. Hy soek ’n eetplek.

### Kopkaarte

1. . . . te leer, idees uit te dink, probleme op te los.
2. Begin by die naam van die kopkaart.
3. Teken of plak prentjies wat by die inhoud pas. Gebruik gekleurde penne.
4. Nee, elke mens se kopkaart sal verskil.

### Grafiek: Die koekverkoping

1. Lesedi. Sy het 8 verkoop.
2. Stella het net 3 verkoop.
3. Shaun. Hy het 7 verkoop.
4. Lesedi het net 2 verkoop.
5. Shaun het elke dag 7 koeke verkoop.
6. Shaun het oor die twee dae altesaam 14 koeke verkoop.
7. Stella het net 7 koeke oor die twee dae verkoop.

### Boekomslae: *Geraamte in die klas*

1. Iemand het ’n nare geheim wat hy of sy wegsteek.
2. Nee, die juffrou werk in ’n klas. Maar die titel sinspeel ook op die spreekwoord – asof iemand iets het wat hulle wegsteek.
3. Ja. Sy is van bene gemaak!
4. ’n Humoristiese verhaal
5. Antwoord is oop vir interpretasie.
6. Sy het nie oë nie.
7. Sy het lipstiffie probeer aansit.
8. Antwoord is oop vir interpretasie.

### Grapprente

*Skooldae 1*

1. Sy is verplaas na ’n ander skool.
2. Nee, maar dit is nogal snaaks!
3. Els
4. Sy lyk vriendelik, gaaf.
5. Hulle is teleurgesteld.

### Woordspeletjies

*Speloefening*

gevaar
asemrowend
duikboot
avontuur
swembroek
nooduitgang
venster
waterpyp

**Blokraaisel: Oulike uitvindsels**
Gloeilampe

## *Liplekker leesdinge* – Fanie Viljoen en Marita van Aswegen

## Boek 3 Vlak 6

**Moontlike antwoorde:**
**Hierdie ou sal dit nie haal nie**

1. ’n Mikrovliegtuig-ongeluk
2. Dit was ’n wolklose, windlose dag op die strand.
3. Hy was nog met die veiligheidsgordel aan die vliegtuigenjin vasgebind. Hy het die vliegtuigskroef en -bande om hom op die water sien dryf. ’n Ent verder het Mauritz se voete bo die water uitgesteek.
4. John het op ’n keer ’n video *The Miracle Man* gesien oor ’n man wat in kragdrade vasgevlieg het en dit oorleef het. Hierdie video het nou as inspirasie vir John gedien.
5. Hy het self uit die hospitaal geloop.
6. Die ondersteuning van sy vrou, dokters, vriende en familie het John deur die moeilike tyd gedra.
7. Leerder se eie respons

**E-posboodskappe**

1. Hy dink daar het ’n ruimtetuig in die straat geland en dat hy ’n ruimteman gesien het.
2. Twee
3. Vernon wil vir sy maats, Alet en Nathi, vertel dat hy ’n ruimtetuig gesien het. Later is hy opgewonde omdat hy glo die ruimteman gesien het. Vernon se maats antwoord egtermnie sy e-posse nie. Hy raak gefrustreerd daaroor.
4. Die *wow*-e-posse is almal aan meer as een persoon gerig. Die bekommerd-e-posse is net aan een persoon gerig.
5. Nee, die e-posse was nie aan Vernon gerig nie.
6. Hy bel vir Vernon op sy selfoon, maar Vernon antwoord nie.
7. Hy het laat gaan slaap en kon nie uit die bed kom die volgende oggend nie.
8. Die oom het so gesukkel om die sleutel te kry dat hy naderhand kliphard met homself begin praat het.

*Soeklees:*

- arriveer
- stokou
- kliphard
- doodbang
- nuuskierige agie

**Teksboodskappe (SMS’e)**

1. Ma, ek het ’n nuwe rok en skoene gekoop. Pa se dit is te duur. Hy wil hê ek moet dit terugvat na die winkel toe. Sal Ma met Pa praat? Alet
2. Waarvoor is die nuwe klere?
3. Ons klas gaan mos op ’n uitstappie na die planetarium. Ek moet mooi lyk. Dalk ontmoet ek ’n ruimteman, en dalk trou ons eendag en kry klein ruimtekindertjies.
4. Gaan gee dadelik die klere terug. Jy kan ou klere dra na die planetarium.
5. Gee die hond kos.
   Maak jou kamer skoon.
   Vee die kombuis uit.
   Was die skottelgoed.

Sit die CD's terug in hul kassies.
Lekker bly.
Mams

### Kennisgewings

1. Biblioteek gesluit
2. Om die mense in te lig dat die Kroongolf-biblioteek gesluit is vir herstelwerk.
3. In November
4. Hulle moet dit by die munisipale kantore inhandig.
5. Vraag is oop vir interpretasie.

### Pamflet: 'n Boekbekendstelling

1. Voorafbestelling: *Suid-Afrika en sy mense*
2. Mense kan nou al Deon Steyn se nuwe boek "Suid-Afrika en sy mense" bestel, al is dit eers in September op die boekrakke.
3. Hulle hou 'n kompetisie; 'n getekende boek word weggegee. Hulle bied die boek aan teen 'n afslagprys. Hulle vertel meer oor die boek se inhoud, bv. die foto's, aantal bladsye.
4. Elke boek het 'n ISBN wat gebruik word om die prys te skandeer. Dit word ook gebruik vir voorraadopnames in winkels. ISBN is 'n unieke nommer vir elke produk. Jy kan boeke ook makliker daarmee opspoor op die internet.
5. R 299 (BTW ingesluit)
6. Belasting op toegevoegde waarde. Die meeste Suid-Afrikaanse produkte en dienste is onderhewig aan BTW. Sommige voedsel soos sardientjies en bruin brood is uitgesluit.
7. Die kliënt kan hul persoonlike inligting hier voltooi. Die boekwinkel kan hulle dan kontak sodra hul bestelling gekom het.

### Uitnodiging

1. Boekbekendstelling: *Suid-Afrika en sy mense*
2. Deon Steyn
3. Dit 'n 'n kreatiewe manier om na Suid-Afrika se mense te verwys.
4. Dit dek onderwerpe soos die wye verskeidenheid mense, die pragtige natuurskoon, besonderse diere en voëls.
5. Asemrowende volkleurfoto's
6. Hy gaan vertel hoe hy die boek saamgestel het en van die interessante mense en plekke wat hy tydens sy navorsing teëgekom het.
7. Vraag is oop vir bespreking.

### Vlieënde appels

*Antwoord*: Hulle beweeg nader aan mekaar.

### Woordeskat

- reëling en reling

**reëling** – iets wat jy beplan het, *byvoorbeeld*:
Ons het **reëlings** getref om na die strand toe te gaan.
**reling** – iets waaraan jy vashou, of iets waaraan jy goed ophang, *byvoorbeeld*:
Ek hou vas aan die trap se **reling**.

- dink en dunk

**dink** – om jou brein te gebruik, *byvoorbeeld*:
Ek **dink** aan die antwoord van die som.
**dunk** – opinie of mening, *byvoorbeeld*:
Sy het 'n hoe **dunk** van haarself.

*Lees met begrip - antwoorde:*

1. Twee appels, twee stukke tou van 1 meter elk.
2. 'n Wasgoeddraad of 'n gordynreling.

3. 5 cm
4. Hulle beweeg na mekaar toe.
5. Wanneer jy tussen die appels blaas, word die lugdruk tussen hulle kleiner. Die lugdruk aan die ander kant van die appels is dan meer as die lugdruk tussen die appels.

**Aanwysings: Hoe om ná 'n skooldag te herstel**

1. Hawermoutkoekies
2. 12 koekies
3. 150˚ C = 300˚ F
4. Dis nie nodig om gemmer te gebruik nie; jy kan dit weglaat of iets anders (soos appelkooskonfyt) gebruik.
5. 
    - vuurwarm
    - yskoud
    - komkommerkoel
6. deksel/smeersel/handvatsel/omboorsel/garneersel/speeksel
7. *Deeltekenwoorde:*
    - beïnvloed
    - dieet
    - vroeë
    - geïllustreer
    - geëindig
8. *Verkleining:*

| | |
|---|---|
| skooltjie | eetlepeltjie |
| koskassie | bakplaatjie |
| geheimpie | kastrolletjie |
| mengseltjie | messie |
| oondjie | glasie |

*Meervoud:*

| | |
|---|---|
| skole | eetlepels |
| koskaste | bakplate |
| geheime | kastrolle |
| mengsels | messe |
| oonde | glase |

**Weerberig**

1. Kaapstad en Springbok
2. Upington, Bloemfontein en Welkom.
3. 30km/h
4. Durban-omgewing (of KwaZulu-Natal se kus).
5. Die wind sal tussen 15 en 30km/h waai.
6. Vrystaat en Mpumalanga
7. 16 September
8. 6:10. Nee. Die sonsopkomstyd verskil oor Suid-Afrika. Dit sal eerste opkom in
1. KwaZulu-Natal, en dit sal laaste opkom oor die Wes-Kaap. Hierdie kaart se
2. sonsopkomstyd is dus streekgebonde.
9. www.weathersa.co.za

*Kies die regte woord tussen hakies*:

- volmaan
- volle maan
- sekelmaan
- halwe maan
- halfmaan
- windsnelheid
- noordewind
- reënval

- winterreënvalstreek

*Idiomatiese uitdrukkings:*

| | |
|---|---|
| Jakkals trou met wolf se vrou | Dit reën terwyl die son skyn. |
| Die sluise van die hemel gaan oop. | Dit reën. |
| In die hartjie van die somer. | In die middel van die somer. |
| Die son trek al water. | Die son is besig om onder te gaan. |
| ’n Storm is aan die broei. | Daar gaan ’n storm kom. |
| Hy kan nie sien/verdra dat die son in ’n ander se water skyn nie. | Hy gun nie iemand anders iets nie. |

**Diagram: Hoe om vars lug te maak**
1. Ligenergie en koolstofdioksied
2. Water
3. Suurstof
4. Dit is iets wat ons uitasem.
5. Nee, net die groen dele van plante fotosinteer.

**Grapprente: Skooldae**
1. ’n Blokkie waar mens woorde moet inskryf na aanleiding van leidrade wat hulle vir jou gee.
2. Sy kon nie die vrae beantwoord nie.
3. ’n Vraestel bevat vrae; ’n antwoordstel is die papier/boek waarop jy die antwoorde skryf.

**Danie se doen en late**
1. In die Natuurwetenskappe-klas
2. Moet nooit uit ’n proefbuis drink nie.
3. Ja, dit lyk of hy skrik. Hy word selfs groen in die gesig!
4. Die goed/dinge wat iemand doen.

**Kopkrapper: ’n Raaisel**
Die padda het ’n klomp vuurvliegies geëet.